UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK III

## FISIESE LEWENSWYSE EN -VORME : BEHANDELING EN LEWENSONDERHOUD

In sy wydste sin is kultuur die "breë panorama van menslike handeling".[1] Hierdie breë panorama behels onder meer die dade, denke en stryd, die daaglikse lewenswyse en -vorme van 'n bepaalde kultuureenheid of kultuurgroep binne 'n bepaalde periode. In dié hoofstuk word die fisiese aspekte en behoeftes van die Kaapse slaaf in sy daaglikse bestaan, sowel as die wyse waarop en die mate waarin dié behoeftes deur die slawe-eienaars aangespreek is, ondersoek.

### Algemene behandeling

Uit die getuienis in dagboeke en reisbeskrywings is dit duidelik dat die Kaapse slawe, in vergelyking met slawegemeenskappe in ander wêrelddele, relatief goeie behandeling ontvang het. In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel opgemerk dat hy van slawe bewus was wat in geval van emansipasie en die kans op terugkeer na hulle vaderland, nie van die geleentheid gebruik sou maak nie, "because they had never had nor could have such a good time as with their masters".[2] In die 1780's het Francois le Vaillant onomwonde verklaar dat "... there is no country in the world where slaves are treated with so much humanity as at the Cape",[3] terwyl lady Anne Barnard in 1797 van mening was dat "slaves are but rarely ill used at the Cape".[4] Volgens kommissaris De Mist was die behandeling van die Kaapse slawe veel beter as dié van die Afrikaslawe in Amerika en bygevoeg dat die Kaapse slawe meesal as permanente bediendes van die familie beskou is.[5] Volgens die outeur van *Gleanings in Africa* "[i]t has been asserted by many, that the condition, and manner of treatment of the slaves at the Cape is better and preferable to that which they experience in other European settlements".[6] Terwyl die predikant William Wright in 1831 na die "comparative mildness of slavery" aan die Kaap verwys het,[7] het ene Vide Cowper Rose (1794 - 1859), tydens sy vierjarige verblyf in die vroeë negentiende eeu aan die Kaap, tot die gevolgtrekking gekom dat selfs slawerny aan die Kaap 'n glimlag gehad het.[8]

Die wette wat die slawe aan die Kaap moes beskerm, was ook beter as elders in die wêreld.[9] Daarbenewens was eienaars in Kaapstad onder die oog van die gereg, wat die mishandeling van slawe in 'n groot mate beperk het. Alhoewel die slegte behandeling van slawe eerder die

---

1 C.A. van Peursen, *Cultuur in stroomversnelling, strategie van de cultuur,* p. 10.

2 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 110.

3 F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I,* p. 100.

4 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), pp. 215 - 216.

5 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 217.

6 *Gleanings in Africa,* p. 57.

7 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope,* p. 2.

8 V.C. Rose, *Four years in Southern Africa,* pp. 2 - 3.

9 V. de Kock, *Those in bondage,* p. 217.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uitsondering as die reël was, kan dit nie net onder die tafel ingevee word nie, aangesien dit 'n wesenlike bedreiging vir orde en veiligheid ingehou het. So vroeg as Augustus 1658 is Jan van Riebeeck met dié probleem gekonfronteer en in 1685 was fiskaal Albert Jansz van Breugel van mening dat heelwat slawe-eienaars van eenvoudige herkoms was en nie geweet het hoe om hulle slawe te beheer nie, "waerdoor de slaven ... niet alleen tot wanhoop, maer tot afkeer en haet tegen onse natie wierden gebragt, waervan niets goets in een nieuw te stigtene colonie kan werden verwagt".[10] Gevalle van onderdrukking en geweld was egter in die minderheid en het hoofsaaklik betrekking gehad op buitengewoon ongenaakbare onbeskaafde slawebesitters en onbeheerbare, weerspannige slawe.[11] Sekere besoekers se waarnemings in dié verband dien as bewys dat enkele uitsonderings van swak behandeling deur indiwidue tog geïsoleerde gevalle was en dat die meerderheid slawe goeie behandeling ontvang het. Die standpunt van Semple is veral relevant: "In general the slaves at the Cape are not ill treated ... If now and then an instance be found to the contrary, that effects not the general character. A man may use his slave ill; but the slaves at the Cape are well treated." [12] 'n Soortgelyke mening is ook deur Percival gehuldig.[13] Met sy aankoms aan die Kaap was Samuel Hudson sterk bevooroordeeld teenoor slawerny. Na tien jaar aan die Kaap, waartydens hyself 'n slawebesitter geword het, moes hy tog erken dat slawerny aan die Kaap nie so totaal onmenslik en wreed was nie en het hy uit ervaring tot die volgende objektiewe gevolgtrekking gekom wat met dié van ander besoekers en waarnemers gestrook het:

> To say every African is treated with humanity and tenderness would be wrong, but at the same time speaking generally of the Slaves at the Cape of Good Hope I know it from experience that they are better fed, clothed and have a more comfortable Bed to rest their weary limbs on than half the peasantry of our trusted land of freedom [Britain] ...[14]

Wat duidelik af te lei is, is dat daar 'n merkbare onderskeid in die behandeling van die onderskeie "slawegroepe" was.[15] Die Kaapstadse slaaf in privaatbesit was beslis in 'n meer benydenswaardige en bevoorregte posisie as byvoorbeeld die Kompanjie- en plaasslawe. Mentzel het dié tendens in die eerste helfte van die agtiende eeu reeds opgemerk toe hy tot die gevolgtrekking gekom het dat die Kompanjieslawe, wat ongetwyfeld die meeste skobbejakke ingesluit het, baie slegter as die meerderheid slawe in privaatbesit behandel is. Volgens hom was laasgenoemde in elk geval meer ontvanklik vir goeie behandeling.[16]

Daarbenewens word die onderskeid in die behandeling van stedelike en plaasslawe weereens deur die waarnemings van besoekers bevestig. John Barrow het teen die einde van die agtiende eeu die lot van die plaasslawe teenoor dié van die stedelike slaaf in privaatbesit opgeweeg en tot die gevolgtrekking gekom dat laasgenoemde beslis beter daaraan toe was en dat die plaasslawe nie naastenby dieselfde goeie behandeling as die welgeklede en welgevoede stedelike slaaf ontvang het nie.[17] In dieselfde verband het Robert Percival opgemerk dat die

---

10 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 97.

11 *Ibid.*, p. 221.

12 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 38.

13 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 283 - 284.

14 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudon's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, pp. 45 - 46.

15 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 292.

16 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 129.

17 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa I*, p. 43.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

inwoners van Kaapstad hulle slawe oor die algemeen beter as die boere in die landelike dele behandel het.[18] In 1806 het die militêre geneesheer, luitenant-kolonel Robert Wilson (1777 - 1849) tydens sy besoek aan die Kaap sy mening oor die behandeling van die Kaapstadse slawe gelug: "Here, [Cape Town ] and here alone perhaps in the world, are the slaves treated with a mildness that would merit the admiration of a Howard." [19] Tydens die sendeling John Campbell se verblyf as loseerder in 'n Kaapse huishouding in 1812, het die wyse waarop die slawe in dié huishouding as eie kinders behandel is, hom van die algemene goeie behandeling van Kaapstadse slawe in privaatbesit oortuig. Volgens hom sou die meeste slawe spyt wees indien hulle die betrokke huishouding sou moes verlaat.[20]

Binne dié groep was dit veral die huishoudelike slaaf wat voorkeurbehandeling geniet het. Terwyl Barrow oortuig was dat huishoudelike slawe nêrens ter wêreld dieselfde goeie behandeling as aan die Kaap ontvang het nie,[21] het Percival opgemerk dat die lewenskwaliteit van die Kaapstadse huisslawe goed met dié van Britse bediendes vergelyk het en dat eersgenoemde slegs in naam slawe is, maar vir die res 'n redelik gelukkige bestaan gevoer het.[22] In 1831 was William Wright van mening dat die uiterlike voorkoms van die Kaapstadse huisslawe genoegsame bewys is dat hulle oor die algemeen 'n heel aanvaarbare lewenstandaard met die basiese geriewe geniet het.[23]

Binne die privaathuishouding was daar 'n voorkeurorde van bevoorregting en goeie behandeling wat met herkoms, afkoms en aard van die betrokke slawe in die huishouding verband gehou het. Hiervolgens het die Kaapsgebore slavin van gemengde afkoms voorkeur geniet, soos Percival dit opgesom het: "These [the slaves of colour] are better dressed and more gently treated by far than the other slaves and seldom put to laborious work. The Dutch ladies take a pride in having them nice and well dressed ..." [24] Kort op hulle hakke het die Bengalese en Malabarslawe gevolg, terwyl die Malgassiese, Guinese, Neger, Boeginese en die sogenaamde "Kaffer"-slawe onder die stereotipering van "untracktable, and treacherous, requiring harsh and severe usage and chastisement to make them work" gebuk moes gaan.[25] Die slavinne binne die Kaapse huishoudings is oor die algemeen as deel van die huishouding beskou en as sodanig behandel. Groot moeite is gedoen om hulle binne die grense van die huishouding te hou en daar is jaloers oor hulle gewaak.[26] Alhoewel slavinne die beste behandeling in die amptenaar- en burgerhuishouding ontvang het, het gevalle van seksuele uitbuiting wel voorgekom.[27] Desnieteenstaande het slavinne 'n beter vooruitsig op vryheid as die slawemans gehad. Proporsioneel was daar inderdaad meer vrystellings van slavinne as van slawemans.[28]

Die reeds vermelde Kaapsgebore slavinne wat uit verbintenisse tussen slawe en Europeërs gebore is, was 'n gewaardeerde slawegroep wat die vertrouelinge van die gesin was. As die

---

18 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 292.

19 K.A.B.: VC. 58, p. 19: Robert Wilson's description of the Cape Colony in 1806.

20 J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 20.

21 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 108.

22 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 292.

23 W. Wright, *Slavery at the Cape of Good Hope*, p. 2.

24 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 288.

25 *Loc. cit.*

26 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 222.

27 *Ibid.*, p. 328.

28 *Loc. cit.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gunsteling slawe is hulle met besondere toegeneentheid en vriendelikheid behandel wat beslis van die algemene behandeling van die meeste slawe verskil het.[29] Die slavinne wat as soogvroue en kinderoppassers binne die Kaapse huishouding aangewend is, het weens die aard en waarde van hulle werk die beste behandeling ontvang. Hulle relatief bevoorregte posisie het onder meer goeie voedsel, talle geskenke en die vooruitsig op vryheid as beloning vir die grootmaak van 'n hele paar kinders ingesluit. Dit was veral die slavin wat as voedster vir die moeder moes instaan wat die heel beste en voedsaamste kos en drank ontvang het.[30] Hierdie soogvroue en kinderoppassers is van die veilingstafel weggehou en byna nooit verkoop nie, aangesien hulle so waardevol vir die huishoudings was.[31]

Nog 'n bevoorregte slawegroep binne die Kaapse huishouding was dié wat binne die huishouding gebore is en opgegroei het. Hulle het voorkeur bo die "ingevoerde" slawe geniet, aangesien hulle nie so onbekend, vreemd, ontwrig en wrokkig as laasgenoemde was nie. Weens die feit dat hulle vanaf geboorte aan die eienaar se huishouding blootgestel was en nie nodig gehad het om 'n wrok weens ontwrigting deur gedwonge ballingskap te koester nie,[32] was hulle meer aangenaam, lojaal en beskaafd en was die taal van die meester ook hulle taal. Volgens luitenant-kolonel Robert Wilson was dit vir die Kaapse slawe-eienaars 'n kwessie van eer om nie 'n huisgebore slaaf te verkoop nie.[33] Slawekinders in die huishouding is volgens getuienis ook aan goeie behandeling blootgestel en min onderskeid tussen eie kinders en slawekinders getref. Die jong slafies is met dieselfde deernis en vriendelikheid deur die eienaars geliefkoos en behandel asof hulle die kinders van familielede kon gewees het. Hulle is by elke vorm van vermaak in die huishouding betrek en het elke tedere gebaar deur die volwassenes met die wit kinders gedeel.[34] Burchell het die noue band tussen die slawekinders en die kinders van die eienaar, wat later as volwassenes in 'n sterk bondgenootskap ontwikkel het, as 'n bewys vir die gematigdheid van Kaapse slawerny aangevoer. Volgens hom was dit 'n aanduiding van die feit dat talle koloniste by verre nie wrede en ongevoelige slawe-eienaars was nie.[35]

Die geskoolde mansslawe van Kaapstad wat hulle in privaatbesit bevind het, was beslis wat onafhanklikheid betref, die beste daaraan toe. Hulle is toegelaat om teen betaling van 'n vasgestelde maandelikse of weeklikse bedrag aan hulle eienaar, onafhanklik te woon en hulle ambag vry en na eie goeddunke en tot hulle persoonlike finansiële voordeel in die stad te beoefen. Met hulle meester se toestemming was hulle dus in staat om die nodige "vrijcoopspenninge" te spaar wat hulle vryheid sou waarborg. Ongeskoolde slawe is soms toegelaat om op semi-onafhanklike basis geld te verdien, soos met die straatverkopers en venters die geval was. 'n Minimum bedrag, die sogenaamde "koeliegeld", moes daagliks aan die eienaar besorg word, terwyl die res van die verdiende geld hulle eie was.[36] Slawe wat timmer- of brandhout vir hulle meesters moes versamel, is ook soms toegelaat om 'n deel

---

29 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudon's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 52.

30 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 108.

31 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 326.

32 A.M. Hugo, *The Cape vernacular*, p. 13.

33 K.A.B.: VC. 58, p. 19: Robert Wilson's description of the Cape Colony in 1806.

34 *Loc. cit.*

35 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 34.

36 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, pp. 98 en 111; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves," *Kronos* 9, 1984, p. 60.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarvan vir 'n eie inkomste te verkoop.[37]

Sekere verdienstelike Kaapstadse slawe in privaatbesit is toegelaat om op klein lappies grond, wat deur die eienaars aan hulle beskikbaar gestel is, vrugte en groente te verbou en die opbrengs vir 'n inkomste te verkoop.[38] Saad sowel as bemesting, is deur die eienaar verskaf.[39] In sommige gevalle was die meester persoonlik behulpsaam met die afset van die produkte, terwyl hy in ander gevalle sy wa vir die vervoer van produkte na die mark beskikbaar gestel het.[40] Volgens die Beskermer van Slawe het die slawe in 1830 'n gemiddeld van £5 tot £15 elk uit die verbouing van aartappels, pampoene, spanspekke, boontjies, ertjies en Indiese koring verdien.[41]

Uit bogenoemde blyk dit op die oog af dat slawe aan die Kaap oor die algemeen nie aan die onbenydenswaardige wreedhede en ongenaakbaarheid, wat slawerny in ander wêrelddele gekenmerk het, blootgestel was nie. Wat egter in gedagte gehou moet word, is dat slawerny 'n misdryf teen die mensdom is en dat die verhouding tussen meester en slaaf deur sterk paternalisme gekenmerk is. Solank die slaaf sy plek geken en hom goed, kinderlik en onderdanig gedra het, was hy redelik seker van die goeie gesindheid van sy meester. Die slawebesittende Samuel Hudson het die paternalistiese verhouding wat daar tussen meester en slaaf aan die Kaap bestaan het, raak opgesom: "When you find your slaves attentive and obedient you grant them indulgences ... to alleviate the idea of slavery, particularly in allowing them a wife [more probably a concubine]." [42] Volgens hom het hy sy slawe soos sy kinders behandel waarvoor hulle hom met dankbaarheid en toegeneentheid beloon het.[43] Hieruit is dit duidelik dat die kettings van slawerny in 'n groot mate psigologies van aard was. In die verband verwys Robert Shell na die stelling van Emmanuel Kant: "Paternalism is the cruelest tyranny." [44]

In Kaapstad was die Kompanjieslawe 'n slawegroep waarvan die behandeling beslis van die van die Kaapstadse slaaf in privaatbesit verskil het. Soos reeds vermeld, het hierdie slawe, net soos die Kompanjie se "kettingslawe" in Batavia wat "soos rotte" gesterf het, [45] die slegste behandeling ontvang.[46] Hulle was blootgestel aan die ysterhand van die besparingsbewuste Kompanjie en was die onontbeerlike goedkoop arbeid wat die voortbestaan van die Kaapse nedersetting moes help verseker. As arbeiders is hulle ongenaakbaar behandel, soos Mentzel wel opgemerk het: "... a tight hold must always be kept on the reins; the taskmaster's lash is

---

37 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 90; Lady Anne Barnard, *The letters of Lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 38.

38 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 76; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 167; F. Krauss, A description of Cape Town and its way of life, 1838 - 1840, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 21(2), Desember 1966, p. 42.

39 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 324.

40 *Loc. cit.*; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 167.

41 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 76 - 77; J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 167.

42 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, pp. 67 - 68.

43 *Ibid.*, p. 47.

44 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 212.

45 F. de Haan, *Oud Batavia*, p. 273.

46 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 129.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

the main stimulus for getting any work out of them." [47] Hulle welsyn was slegs belangrik in soverre siekte en dood tot arbeids- en ekonomiese verlies vir die Kompanjie sou lei. Daar is veral onder die beheer van Jan van Riebeeck bitter min op die onderhoud van slawe spandeer. Regdeur Kompanjiesbeheer het slaweonderhoud 'n beperkte deel van die totale Kompanjiesuitgawes aan die Kaap uitgemaak.[48] Belonings in die vorm van geld en ander lewensmiddele was beperk, alhoewel dit nie uitgesluit was nie. Knap baksteenmakers is met 'n klein bedraggie geld beloon, terwyl die tolke op slawe-ekspedisies spesiale belonings ontvang het. Afgesien van die weeklikse tabakrantsoen, is daar op Nuwejaarsdag 'n ekstra porsie tabak aan die slawe uitgedeel. Nuwejaarsdag 1674 was 'n dag van groot vreugde, aangesien die Kompanjieslawe toe elk 'n klein bedraggie geld, klere, sowel as 'n bietjie half bedorwe tabak, as aansporing ontvang het.[49] In 1676 het goewerneur Isbrand Goske (1626 - 1689) in sy aanbevelings aan sy opvolger Jan Bax (1637 - 1678) aangedui dat slawe toegelaat is om in hulle vrye tyd grond, wat aan hulle beskikbaar gestel is, tot hulle eie voordeel te bewerk.[50] 'n Rede vir die verskil in behandeling tussen die Kompanjieslawe en die slawe in privaatbesit is moontlik geleë in die feit dat daar 'n groter moontlikheid bestaan het dat indiwidue binne die gesiglose hierargies-geordende staats- en handelsinstelling van die VOC, hulle morele verantwoordelikhede ten opsigte van die slawe gerieflikheidshalwe onderling op mekaar kon afskuif. 'n Persoonlike morele gewete en verantwoordelikheid kon makliker binne 'n omvattende onpersoonlike gesiglose staatsopset ontduik word.

Daar is reeds van die behandeling van plaasslawe melding gemaak en wel dat hulle nie dieselfde voorregte as die dorpslawe geniet het nie. Hulle werksure was lank en veeleisend,[51] terwyl hulle ook meer verwaarloos is. Die woorde van Barrow het die onbenydenswaardige situasie van die plaasslaaf raak opgesom: "The field slaves belonging to the farmers are not however, nearly so well treated as those of the town ... they are ill-clothed, work extremely hard and are frequently punished with the greatest severity." [52] Die plaasslawe van beide die akkerboustreek en die afgeleë binneland was geïsoleerd en aan 'n beter kans op mishandeling blootgestel. Aangesien beide slaaf en eienaar hulle nie direk onder die oog van die gereg bevind het nie en die toesig en gesag van die owerheid in die afgeleë gebiede beperk en nie juis doeltreffend was nie, het sommige boere uit vrees dat hulle beheer oor hulle slawe sou verloor, sowel as weens 'n gebrek aan selfbeheersing, die reg in eie hande geneem en hulleself in sekere gevalle aan ernstige en wrede mishandeling van slawe skuldig gemaak.[53] Die ergste gevalle van mishandeling het in die Bokkeveld en Roggeveld voorgekom. Die groot vrees wat slawe gekoester het om in die afgeleë binneland verkoop te word, [54] was dus nie ongegrond nie. In sommige uitsonderlike gevalle was die strawwe wat boere aan hulle slawe uitgedeel het uiters onmenslik en wreed. Soos reeds vermeld, het sommige boere weens omstandighede 'n laer

---

47 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 129.

48 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 96; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 267.

49 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 176 - 177.

50 A.J. Böeseken (red.), Memoriën en Instructiën, 1657 - 1699, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente I*, p. 133.

51 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 292.


52 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 109.

53 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 109; J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 111; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 156.

54 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 109.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





**Figuur 43:** 'n Kaapse slaaf ontvang lyfstraf. Die aantal pype wat tydens die duur van die lyfstraf gerook is, was die maat waarvolgens die erns van 'n oortreding en dienooreenkomstige lyfstraf vir 'n slaaf deur die eienaar bepaal is.

Uit: R.C.-H. Shell, *Children of bondage* (Johannesburg, 1994), frontespies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vlak van beskawing in die binneland gehandhaaf wat soms in die mishandeling van slawe gemanifesteer het. In 1792 het 'n binnelandse slaaf 'n klag gelê nadat hy en van sy mede slawe nakend saam met 'n paar perde voor 'n wa ingespan is, terwyl die wadrywer hulle oor hulle naakte liggame met die sweep geslaan het.[55] Tydens 'n ander insident is 'n slaaf ses ure aaneen deur sy meester, dié se familielede, sowel as ander slawe en Khoikhoi geslaan.

Dit was gebruiklik vir die lyfstraftoedieners en toeskouers om dié slaansessies met kort rusperiodes, waartydens wyn gedrink en 'n pyp gerook is, af te wissel.[56] In sommige gevalle was die erns van die oortreding en die drag slae van die skuldige slaaf aan die aantal rooksessies van die meester af te lei **(Fig. 43)**. Hoe ernstiger die oortreding hoe meer pype is deur die eienaar gerook en hoe langer het die lyfstraf geduur.[57] Lyfstraf is gewoonlik met 'n sweep van renostervel toegedien. In die meeste mishandelingsgevalle was die straf nie in verhouding tot die oortreding nie. As straf vir die steel van wyn en brandewyn is die 53-jarige Andries van Ceylon in 1724 deur sy eienaar Barend Buys eers aan 'n balk opgehys, aan 'n leer vasgemaak en toe deur slawe met 'n rottang en sambok laat slaan.[58] Michael Otto en Gottlieb Opperman kan as uiters gewetenlose en ongenaakbare slawe-eienaars uitgesonder word en was as sodanig in die Kaapkolonie berug.[59] Die wrede en brutale Michael Otto het sy slawe uitermate sleg behandel. Só het hy onder meer slawe wat 'n oortreding begaan het nakend aan 'n boom of paal in die son vasgemaak en hulle liggame met heuning besmeer om vir ure aaneen deur insekte, waaronder blindevlieë, geteister te word.[60] Deur brutale straf het Otto 'n slaaf, wat 'n vakleerling in wamakery was en wat hy vir 'n 1 000 gulden gekoop het, verloor.[61] In 1731 het Gottlieb Opperman een van sy slawe vermoor.[62] In 1803 het die slavin Spatie 'n klag teen haar meester J.D. Cilliers gelê, aangesien hy haar vanaf soggens 11 uur tot saans met 'n ketting aan haar nek vasgemaak gehou het.[63] Die eienaar is met slegs vyf pond beboet.

In Junie 1767 het 'n uiters wrede mishandelingsinsident op die plaas van Hendrik Greef afgespeel. Nadat die slaaf Jacob weggeloop het, is hy teruggebring, deur Greef met 'n sweep geslaan, gestuur om te gaan dors en daarna aangerand en wreed deur Greef en die slaaf Achilles om die beurt in die koringskuur met 'n sambok geslaan tot sy rug rou en bebloed was. Na middagete is die verrinneweerde Jacob gestuur om saam met 'n ander slaaf te gaan ploeg, terwyl bloed langs sy kop en rug afgeloop het. Hy het inmekaargesak, waarna hy deur Greef en sy vrou geskop en weer met die sambok toegetakel is. Hy is daarna na die huis gesleep en buite die kombuis in 'n balie met koue reënwater gegooi waarna hy in die huis gebring en aan 'n leer vasgeketting is waar hy die nag gesterf het.[64]

Nog 'n berugte sadistiese slawe-eienaar was Johannes Kuuhn van die Roggeveld wat herhaaldelik sy slawe mishandel en gemartel het. Volgens 'n verslag van sekere Roggeveldse burgers in 1770 is daar van 'n skaapwagterslaaf verwag om vir etlike jare met 'n ketting om sy

---

55 K.A.B.: CJ. 2537, nr. 36: Requesten, 1792.

56 K.A.B.: CJ. 780: Sententien, 1697-04-13.

57 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 145.

58 H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu*, p. 74.

59 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 209.

60 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 49 - 50.

61 *Ibid.*, p. 50.

62 R.C.-H. Shell, *Those in bondage*, p. 209.

63 *Ibid.*, p. 210.

64 K.A.B.: 1/ STB 3/11: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, 1702 - 1804, Junie 1767.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lyf wat ook aan sy voete vas was, skape op te pas. Ook die slawe van sy moeder het hy nie ontsien nie. 'n "Hark" wat van skerpgemaakte beeshorings gemaak is, is stadig oor die rug, boude en bene van 'n gedrosde slaaf getrek, terwyl dit diep in die slaaf se vleis ingesny het.[65]

In 1812 is daar tydens die Swarte Ommegang elf klagtes van wrede en slegte behandeling van Khoikhoi en slawe teen Kwaade Martha Ferreira van die plaas Elandsfontein in die Onder-Langkloof gelê. Volgens die klagtes, wat hoofsaaklik deur die twee sendelinge J.T. van der Kemp (1747 - 1811) en J. Read (1977 - 1852) by die "Commissie van Rechtspleging" ingedien is, het Kwaade Martha onder meer haar Mosambiekse slavin Manissa daagliks wreed met 'n sambok gekasty, sodat sy tydens een van die slaansessies haar een oog verloor het. Sy het haar slavin Steyn herhaaldelik op die grond neergelê en gewelddadig met sambokke, besemstokke, jukskeie en "swaardere stukken" geslaan. Volgens die klag het dié wrede behandeling tot die slavin se dood aanleiding gegee. Die Mosambiekse slavin Mina het weens die ongenaakbare en wrede strafmetodes van Kwaade Martha heeltemal haar sig verloor en stinkende septiese wonde opgedoen. Kort nadat Mina deur Kwaade Martha met 'n stuk hout agter die nek geslaan is, is die slavin oorlede. Weens onbevredigende getuienis, is Kwaade Martha op alle klagtes wat met die mishandeling van slawe verband gehou het, vrygespreek.[66]

'n Algemene verskynsel ten opsigte van slawestrawwe was dat ernstige geweld en mishandeling van slawe, meesal nie deur die eienaars nie, maar wel deur die toesighouers of "knechte", wat nie regtig die eienaar se persoonlike en finansiële belange op die hart gedra het nie, toegepas is. Vir die eienaar was 'n slaaf 'n waardevolle besitting. Die verlies aan 'n slaaf was 'n gevoelige ekonomiese terugslag vir die slawebesitter wat ernstige gevolge vir sy materiële en ekonomiese belange ingehou het.[67] In sommige gevalle was die opsigters familielede van die eienaar, maar meesal moes "knechte" as toesighouers die slawe in afwesigheid van die eienaar beheer.[68] Van dié groep was die "leenknegte" meesal Kompanjiespersoneel wat voorheen soldate en matrose was en vir 'n bepaalde tyd onder kontrak aan vryburgers uitgehuur is, terwyl die "vryknegte" mede-vryburgers en vryburgerseuns of selfs vryswartes was.[69] Konflik tussen slawe en knegte het veral op die platteland meer gereeld as tussen eienaars en hulle slawe voorgekom. Die kneg was in die onbenydenswaardige posisie waar hy op 'n dag tot dag basis met gedelegeerde gesag die algemene orde op die plaas moes handhaaf en die slawe op hulle plek moes hou. Dit was sy plig om hulle aan die werk te kry en te hou en toe te sien dat die werk reg gedoen is. Die verskil in benadering oor wat as redelike verwagtinge beskou kan word, het tot ernstige en geweldadige botsings tussen knegte en slawe gelei.[70] Aangesien die toesighouer ondergeskik aan die eienaar was, was sommige slawe geneig om die kneg se optrede te bevraagteken en sy gesag in twyfel te trek en uit te daag. Daarbenewens was die knegte dikwels moeilike en weerbarstige persoonlikhede wat nie juis gesonde respek afgedwing het nie. Talle voorbeelde van slawesterftes en permanente beserings wat deur knegte veroorsaak is, kom in die amptelike regsdokumente voor. In Oktober 1791 het die slaaf Januarie van Mosambiek met sy lewe geboet toe hy die kneg Casper Knippe se gesag met die volgende woorde uitgedaag het:

---

65 K.A.B.: 1/ STB 3/11: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, 1702 - 1804, Mei 1770.

66 O.J.O. Ferreira, Kwaade Martha van die Swarte Ommegang, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(4), 1990, pp. 232 - 236.

67 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 53.

68 N. Worden, Violence, crime and slavery on Cape farmsteads in the eighteenth century, *Kronos* 5, 1982, p. 48.

69 R. Ross, *Cape of Torments,* p. 30.

70 *Ibid.*, p. 31.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



"Breng mij bij Baas, want dat ist mijn Baas, sijn volmagt laat die doen wat hij wil." [71] Weens die onbehoorlike en gewelddadige optrede van die knegte teenoor die slawe, is hulle deur laasgenoemde gevrees [72] en gehaat en gevolglik by meer as een geleentheid self die slagoffers van slawegeweld.[73] In 1743 het die slawe van Jan Vlotman na voltooiing van hulle werk op die landerye na die kombuis in hulle slawekwartiere teruggekeer. Ontevrede met hulle werk, het die kneg Jan Frederik Heus die vertrek binnegestorm en die slawe wild en wakker met 'n kierie geslaan en hulle beveel om na hulle werk terug te keer. Die slaaf Aaron het hom verset teen dié behandeling en weer na die kombuis teruggekeer om na 'n ander siek slaaf om te sien, waarop die kneg hom weer met die kierie toegetakel het. Hierop het Aaron 'n byl gegryp en die kneg twee maal erntig in die gesig verwond.[74] Hiervoor moes Aaron met 'n galgdood boet.

In die losie, maar veral op die groter plase, is senior slawemans as mandoors oor slawe aangestel. Hulle was uitsonderlik betroubare indiwidue wat bepaalde voorregte bo hulle medeslawe geniet het.[75] Die slawemandoor op Martin Melck se plaas was onder meer bevoorreg deur by slavinne te slaap.[76] Net soos die geval by knegte, het slawe soms geweier om die gesag van die mandoors te aanvaar en het dié spanning in uiterste gevalle tot moord gelei. In 1768 het die slawemandoor op Melck se plaas juis aan die hand van 'n medeslaaf Frans van Madagaskar, aan sy einde gekom.[77] In 1801 het die slaaf Mozes die slawemandoor Roelof met 'n mes in die koringland gesteek, nadat Roelof hom met 'n rottang geslaan en gedwing het om sy werk voort te sit.[78]

Alhoewel ernstige gevalle van mishandeling wel op die plase, veral in die binneland, voorgekom het, is daar nogtans bewyse van relatief goeie behandeling, toegeneentheid en menslikheid van eienaars teenoor slawe. Alhoewel paternalisties van aard, verwys Adam Tas telkens na sy slawe as "ons volk", "ons goeie volk", of "onse knaapen" [79] wat tog op 'n positiewe assosiasie met sy slawe dui. Slawe wat goed behandel is, was oor die algemeen lojaal teenoor hulle meesters. "I cannot remember ever hearing of a slave deserting a master who treated his servants fairly", [80] aldus Mentzel. In sy reisbeskrywing het Lichtenstein telkens melding gemaak van beskaafde binnelandse boere wat hulle slawe baie goed behandel het. Die bejaarde Javaanse slaaf van ene Milde was vol lof vir die goeie behandeling wat hy van sy meester ontvang het, terwyl sy medeslawe rondborstig met hom saamgestem het. Tydens 'n besoek aan die weduwee Van Wyk op 'n plaas wat tagtig ure noord van Kaapstad geleë is, het die beskaafdheid, onderlinge toegeneentheid en die goeie gesindheid teenoor die slawe Lichtenstein en sy geselskap opgeval. In die Overberg het hy opgemerk dat 'n blinde Maleierslaaf wat in diens van ene Dupré was, vir die afgelope dertig jaar getrou deur sy

---

71 K.A.B.: 1/STB 3/12: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, 1702 - 1804, 10 Oktober 1791.

72 S.W. le Roux, *Vormgewende invloede op die ontwikkeling van moskee-argitektuur binne die Heilige Sirkel aan die Kaap tot 1950*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1992, p. 33.

73 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 89.

74 Algemene Rijksarchief, Den Haag: VOC. 4158, saak nr. 12: Saak van Aaron van Mallebar, 1743-05-02, soos aangehaal *in* R. Ross, *Cape of Torments*, pp. 31 en 132.

75 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 29.

76 R. Ross, Oppresion, sexuality and slavery at the Cape of Good Hope. *Historical Reflections/Reflections Historiques* 6, 1979, pp. 429 - 430.

77 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 89.

78 R. Ross, *Cape of Torments*, p. 29.

79 A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 23, 24, 25, 37 en 105.

80 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 110.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eienaar versorg is.[81] As lid van Lichtenstein se geselskap was Augusta de Mist veral beïndruk deur die goeie behandeling wat die slawe van Jacob Laubscher van hulle eienaar ontvang het.[82]

In 1726 het die Stellenbosse boer Hendricksz van Reenen in 'n uitsonderlike geval sy hele boedel aan sy ingevoerde slaaf Carel van Bengale nagelaat.[83] Verdienstelike plaasslawe is oor die algemeen beloon deur klein lappies grond vir verbouing aan hulle beskikbaar te stel. Die opbrengs kon hulle dan tot hulle eie finansiële voordeel verkoop.[84] Die meesters was behulpsaam met die beskikbaarstelling van saad, bemesting, vervoer en soms ook die verkope van die produkte.[85] Op 'n plaas in die Wagemakersvallei het elke slaaf 'n stukkie grond ontvang wat hulle besitlik oor gewaak het.[86] In 1835 is aan 25 vakleerlingslawe op die plaas van Isaac van der Merwe elk 'n stukkie grond beskikbaar gestel waarop hulle produkte kon verbou. Hulle is selfs toegelaat om Van der Merwe se wa te gebruik om die opbrengs op Worcester te gaan verkoop. Volgens een van die slawe het sy tuintjie 'n jaarlikse inkomste van 40 riksdaalders gegenereer waarmee hy sy eie klere kon koop, terwyl 'n ander slaaf met sy inkomste van 20 riksdaalders vir gare, seep en klere voorsiening kon maak.[87] Met dié verdienstes kon hierdie slawe in 'n groot mate na hulle eie behoeftes omsien. Soos in genoemde gevalle, is die geld wat uit die opbrengs verkry is gewoonlik sinvol aangewend, soos die koop van mooi klere of die spaar van "vrijcoopspenninge". Sommige slawe het dit op drank spandeer wat tot dronkenskap en wanordelikheid gelei en hulle die argwaan en straf van die eienaar of die fiskaal op die hals gehaal het.[88]

Op veral die binnelandse plase is sekere bevoorregte plaasslawe goedgunstiglik toegelaat om skape, bokke, perde en selfs beeste op hulle meester se grond te laat wei. In 1827 het die latere Voortrekkerleier Piet Retief 249 riksdaalders aan die veebesittende slavin Maria geskuld vir 141 skape en dertig bokke wat hy van haar gekoop het.[89] 'n Ander plaasslaaf het selfs soveel as 300 skape en bokke op sy eienaar se plaas laat wei.[90] Die slaaf Jeptha is ook toegelaat om op die Graaff-Reinetse veeplaas van sy meester vee te besit. Oor 'n tydperk van tien jaar het hy 'n relatief groot veekudde opgebou wat uit 51 bokke, 31 skape, tien beeste en vier perde bestaan het. In 1833 het November, die slaaf van Cobus van Heerden van Graaff-Reinet, 254 skape en bokke, sowel as nege beeste besit. Adam, die slaaf van 'n Uitenhaagse boer, het oor 'n tydperk uit die inkomste van sy groentetuin vir hom beeste aangeskaf. Met dié waardevolle touwys osse se opbrengs het Adam sy vryheid van sy meester gekoop.[91] In sommige gevalle het slawe wat roerende eiendom besit het wel hulle familie of

---

81 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 61, 91 en 206.

82 A.U. de Mist, *Diary of a journey to the Cape of Good Hope and the interior of Africa in 1802 and 1803*, p. 26.

83 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 223.

84 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 324; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130; *Ibid. III*, p. 110.

85 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 324.

86 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 92.

87 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 77.

88 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 130; *Ibid. III*, p. 110.

89 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F.Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 81 - 82.

90 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 167.

91 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F.Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 70 en 81.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

eggenote in plaas van hulleself vrygekoop. In 1831 het die slaaf Samson van die Somerset-distrik 'n koei en 23 skape en bokke aan Anna Erasmus gegee in ruil vir die vrystelling van sy Khoikhoivrou van haar dienskontrak.[92] Sommige slawe wat beeste besit het, het beespagooreenkomste met minder gegoede medeslawe aangegaan. Beeste is aan die arm medeslaaf gegee om op te pas in ruil vir 'n persentasie van die opbrengs, soos Maria, die Graaff-Reinetse slaaf, wat twee koeie en twee verse aan die slavin Roset gegee het om op te pas in ruil vir die helfte van die opbrengs.[93]

As 'n gebaar van goedgunstigheid en toegeeflikheid is verdienstelike plaasslawe soms toegelaat om 'n bywyf aan te hou, wat hulle volgens Kolbe "van 't uitlopen en 't speel en zuip-gezelschap" weggehou het.[94] Die slaaf Galant van die Bokkeveld is selfs toegelaat om "twee byzitten, in plaas van eene" aan te hou.[95] Daar is reeds verwys na slawemandoors wat ter bevoorregting by slavinne kon slaap.

Toegewings en voorregte aan plaasslawe was dus nie ongewoon nie, alhoewel die motiewe nie altyd uit suiwer morele oorweging en eerlike medemenslikheid gespruit het nie. Selfsug en die eiebelang van die toegeeflike meester het in baie gevalle 'n belangrike rol gespeel. Aangesien die arbeid van die slaaf 'n belangrike bron van rykdom vir die familie waaraan hy behoort het was, is dit byna vanselfsprekend dat daar goed na die fisiese welsyn van die slaaf omgesien sou word.[96] Kolbe, Hudson, Teenstra, Golovnin, Burchell, sowel as Campbell het die tendens bevestig.[97] As besitting is die slaaf se waarde in terme van monetêre wins en verlies uitgedruk. In baie gevalle was die belonings en toegewings aan plaasslawe om veestapels op te bou en landbouprodukte te verkoop, omkoopgeskenke om hulle op die plase weg van Kaapstad of die inboorlinge langs die grens te hou.[98] Kolbe het vroeg reeds opgemerk dat 'n wegloperslaaf wat nie teruggevind kan word nie, die meester " 't geheele kapitaal, dat hy besteed heeft, om dezelven te kopen" kon kos.[99] Die verlies aan 'n slaaf deur weglopery of die dood was 'n ernstige verlies aan eiendom.[100] Goeie behandeling van 'n slaaf was dus oor die algemeen deur eiebelang geïnspireer, "which bids them [the slave owners] to take every care of so valuable a part of their property", aldus Burchell.[101] Hy was egter van mening dat die beoordeling van die motiewe van die meesters nie by die welsyn van slawe ter sake is nie, solank die slawe wel voordeel daaruit kon trek.[102]

Wat die motiewe ook al blyk te wees, is dit uit navorsing duidelik dat die Kaapse slawe

---

92 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F.Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, p. 81.

93 *Ibid.*, p. 82.

94 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 324.

95 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 334.

96 *Gleanings in Africa*, pp. 66 - 67.

97 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 325; R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 53; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 312 en 398; V.M. Golovnin, *Detained in Simon's Bay* (red. O.H. Spohr), pp. 60 - 61; W.J. Burchell, *Travels into the interior of Southern Africa I*, p. 32; J. Campbell, *Travels in South Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 21.

98 J.E. Mason, Fortunate slaves and artful masters, *in* E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 75 - 76.

99 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 325.

100 J. Campbell, *Travels in Southern Africa, undertaken at the request of the Missionary Society*, p. 21.

101 W.J. Burchell, *Travels into the interior of Southern Africa I*, p. 32.

102 *Ibid. I*, p. 32.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in vergelyking met ander slawegroepe elders in die wêreld oor die algemeen goeie behandeling van hulle meesters ontvang het. Lady Anne Barnard maak juis melding van die Kaapse slawe wat beter behandeling as dié in Wes-Indië ontvang het.[103] Sir Joseph Banks was oortuig dat die beter optrede van die Maleierslawe teenoor hulle eienaars aan die Kaap as dié in Batavia verband gehou het met die beter behandeling van sodanige slawe deur hulle Kaapse meesters. Volgens hom was die Kaapse Maleierslawe kalmer, eerliker, flukser en minder sleg as wat dit in Batavia die geval was.[104] Uit sy navorsing het Victor de Kock tot die gevolgtrekking geraak dat, afgesien van 'n gebrek aan vryheid en dat slawe nie met geld vir hulle dienste vergoed is nie, dit 'n onbetwisbare feit is dat die meeste Europeërs aan die Kaap die raad van Seneca gevolg het deur hulle slawe as "onderdanige vriende" te behandel.[105]

**Fisiese versorging**

Die kwaliteit van die daaglikse lewe van die Kaapse slaaf is voorts deur die mate waarin die eienaars in die slawe se basiese lewensbehoeftes voorsien het, bepaal. Soos reeds vermeld, het die basiese versorging van die onderskeie slawegroepe verskil.[106] In dié verband het die aard en gesindheid, sowel as die ekonomiese en materiële welstand van die meester 'n rol gespeel. 'n Ondersoek na die fisiese behoeftes van die onderskeie slawegroepe en die mate waarin slawe-eienaars daarin voorsien het, lewer vervolgens 'n insiggewende beeld op 'n bepaalde faset van die daaglikse bestaan van die Kaapse slawe.

***1. Huisvesting***

Huisvesting was 'n belangrike prioriteit in die versorging van slawe. Die eerste slawegroep wat ter sprake kom, is die Kompanjieslawe. Hulle versorging is bepaal deur die beskikbaarheid van fondse, sowel as die erns en gewilligheid van die betrokke goewerneurs om hulle morele verantwoordelikheid teenoor die slawe na te kom. In die beginjare van die nedersetting het 'n paar slawe in die huis van die hooftuinier gebly,[107] terwyl die ander slawe binne die Fort, en wel in "packhuizen aen de noch onbemetselde sijgordijnen seer nootsaeckelijk om beneden slaven ende op de solders het coren te bergen ..." [108] Op 30 Julie 1657 is begin om die slawewoning te bou [109] wat later as *Coornhoop* bekend sou staan [110] en deel van die buitegeboue van die Fort uitgemaak het. Op 29 Mei 1658 is 98 Kompanjieslawe hierin gehuisves.[111]

Na alle waarskynlikheid was daar dus twee slawelosies in die omgewing van die Fort geleë, terwyl daar ook 'n slawehuis aan die onderkant van die Kompanjiestuin was.[112] Na 'n verwoestende brand dié gebou in 1667 in puin gelê het, is die slawe tydelik in die Fort

103 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), pp. 215 - 216.
104 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 222.
105 *Ibid.*, p. 70.
106 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 292 - 293; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 129.
107 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 166.
108 K.A.B.: C. 1871: Origineel Dagregister, 1657-07-17.
109 K.A.B.: C. 1871: Origineel Dagregister, 1657-07-30.
110 K.A.B.: C. 1871: Origineel Dagregister, 1657-07-17.
111 K.A.B.: C. 1872: Origineel Dagregister, 1658-05-29.
112 J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), p. 376.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gehuisves.[113] Op 23 Desember 1669 is aangeteken dat "… 't slavenhuys, dat al vry kleen en insgelycx vergaan is, mede naar eijs gerepareert is" [114] en is die slawe uit die Fort na die herboude slawelosie onderkant die Kompanjiestuin verskuif.[115] Hier was die slawe nader aan die Kompanjie se werksplase en tuin. Mettertyd was hierdie losie wat gedreig het om in te stort nie meer veilig, bewoonbaar of herstelbaar nie en is daar gevolglik met die bou van 'n nuwe slawelosie naby die ou losie begin. Op 28 Julie 1679 was die bouwerk reeds so ver gevorder dat 'n gedeelte van die slawe wat in die Kasteel gehuisves is, na die nuwe onvoltooide slawelosie oorgeplaas is.[116] Voor die finale voltooiing het 'n brand op 19 Augustus 1679 in Wagenaer se ou slawehuis uitgebreek waartydens " … de slaven en de slavinne nauwliks haar blootte liggaam kon red".[117] Hulle kon gelukkig hulle intrek in die nuwe gebou neem.

Daar word telkens in dagboeke en reisbeskrywings na dié slawelosie verwys. In 1711 het Abraham Bogaert opgemerk dat 500 slawe wat in die Kompanjiestuin en by ander plekke werksaam was, in die losie gehuisves is.[118] In 1714 het dominee Francois Valentyn die slawelosie as 'n redelike groot platdak enkelverdieping gebou wat ongeveer dertig "voeten" (ongeveer nege meter) hoog, 77 "treden" (72 meter) lank en 46 "treden" (42 meter) breed is en waarin ongeveer 600 Kompanjieslawe gehuisves is, beskryf.[119] Die mees insiggewende beskrywing met betrekking tot die voorkoms en uitleg van die slawelosie is deur Peter Kolbe aan die begin van die agtiende eeu gegee:

> De Loots der slaven, waar van gesegt is, dat ze tegen over de Kerk staat, is een wydluftig gevaarte, langwerpig, zoo dat ze tweemaal zoo lang als breed is, in vele woningen of kamertjes verdeelt; dezelve heeft twee ingangen, te weten een van de straat, tegen over de Kerk, en een door de grote poort in den tuin; rontom zyn inwendige gebouwen, van buiten tamelyk hoog …; van binnen echter zeer laag, zoo dat men met de hand schier aan 't dak kan komen. In't midden van deze gebouwen is een grote vierkante plaats, waar op de slaven vuur maken, om hun eeten te koken, hoewel sy dezelve ook tot andere zaken gebruiken …[120]

Die "andere zaken" wat onder meer in die binneplein plaasgevind het, was die lees van die naamrol, die doen van afkondigings, die uitdeel van werksinstruksies soggens, sowel as die geseling van oortreders in teenwoordigheid van al die ander slawe. In 'n stadium is selfs varke in die binnehof aangehou.[121] Buiten vir die wooneenhede van die hoof- en ondertuiniers, was daar in die slawelosie onder meer aparte skoollokale vir die slawemeisies en -seuns, 'n voedselvoorradestoor waarin onder meer droë, gesoute vis geberg is, sowel as 'n gevangenis vir weerspannige slawe.[122]

---

113 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou,* p. 3.

114 K.A.B.: VC. 5: Dagregister, 1669-12-23.

115 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou,* p. 3.

116 K.A.B.: C. 1883: Origineel Dagregister, 1679-07-28.

117 K.A.B.: C. 1883: Origineel Dagregister, 1679-08-19.

118 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia I,* p. 101.

119 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I,* p. 100.

120 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* p. 247.

121 *Ibid. II,* pp. 247 - 248; *Ibid. I,* p. 397.

122 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II,* pp. 247 - 248.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Mans- en vroueslawe, kinders, sowel as bandiete is in die losie gehuisves, terwyl siek matrose ook van tyd tot tyd hier versorg is.[123] Hierdie deurmekaarwonery het tot talle probleme aanleiding gegee. In 1685, kort nadat die nuwe slawelosie opgerig is, het kommissaris Hendrik Adriaan van Rheede die Kaap besoek. Behalwe dat hy die losie as 'n "... swaer en hegte gebouw, seer bequaam tot woningh en bewaringh der slaven", beskryf het,[124] was hy ontnugter deur die haglike toestande waarin die inwoners geleef het. Die slaapkwartiere van die kinders was vuil, die siekes verwaarloos, terwyl getroudes, ongetroudes en jong seuns sowel as dogters dieselfde slaapvertrekke gedeel het, wat sedelike verval tot gevolg gehad het. Die jong kinders en bejaardes het nie kerk bygewoon nie, die kinders het nie skool toe gegaan nie, terwyl die kinders van Europese vaders nie gedoop was nie. Die slaapvertrekke en -geriewe was in 'n slegte toestand en volgens hom was die beddegoed vuil en verslete, terwyl die slawe sonder beddens was en op die vloer geslaap het. Weens die ondigte dak is reën in die winter deur sterk wind in slaapvertrekke ingewaai, wat voortdurend nat beddegoed tot gevolg gehad het.[125] Talle aanbevelings ten opsigte van die slawe is deur kommissaris Van Rheede aan goewerneur Simon van der Stel gemaak wat na Van Rheede se vertrek wel aandag aan sommige van die probleme gegee het.[126]

In 1710 het kommissaris Van Hoon egter opgemerk dat die losie "van binnen seer slordig en slegt uijt siet".[127] 'n Amptelike verslag van 1716 vermeld dat "de meeste part van de beddings zijn t'eenemal ontramponneert, zulx bij reegen de lijfeigenen niet droog kunnen leggen", terwyl al die deure en vensters "met hun cosijnen meest vergaan" het. [128] In kritiek op die losie voeg 'n daaropvolgende verslag van 1717 by dat die dak oral lek en die ou en vervalle gebou te klein vir die slawe geword het.[129] Die Politieke Raad het die voorafgaande jaar reeds 'n aantal reëls en regulasies neergelê in 'n poging om die vele klagtes oor die slawelosie aan te spreek.[130] Alhoewel 'n latere poging wel aangewend is om beddens in die vorm van planke wat aan die mure vasgespyker is aan die slawe te verskaf, het hulle nooit van dié beddens gebruik gemaak nie en die vloerslapery voortgesit. Heelwaarskynlik was die tradisionele Europese idee van 'n bed ongewoon vir die slawe wat oorwegend van Afrika en die Ooste afkomstig was. Weens die deurmekaarwonery van "getroude slawe" en kinders is die plankbeddens wel met "een stuk katoen of eenige andere linnen lap" behang "om van niemand gezien te word."[131] Alhoewel daar later wel aparte afdelings vir mans- en vroueslawe onderskeidelik en vir slawe wat vrywillig met mekaar "getroud" was ingerig is, het die slawe nogtans deurmekaar gewoon. In nog 'n poging om privaatheid te bewerkstellig, het sommige slawe seilskerms al langs die vierkant binne die slawelosie opgeslaan met seil wat hulle van matrose wat die losie besoek het, bekom het.[132] Toestande het weinig verander en die lewe in die slawelosie was

---

[123] J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 95.

[124] A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 29.

[125] *Ibid.*, p. 184.

[126] A.J. Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape 1658 - 1700*, p. 48.

[127] A.J. Böeseken, Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de eeuse samelewing aan die Kaap, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1944, p. 64.

[128] G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 47.


[129] *Ibid.V*, p. 161.

[130] *Ibid.V*, p. 114.

[131] P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, pp. 395 - 396.

[132] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 116.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 21:** Plan van Kompanjieslawelosie in 1798 met links, die hospitaal en twee aparte vertrekke vir "geestesversteurdes" en regs, 'n lang vertrek vir slawe sowel as kleiner kamers vir die opsigters. Let op die groot waterput in die middel van die binnehof.

Uit: J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa* (Cape Town, 1972), p. 11.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



allesbehalwe rooskleurig. Vir die grootste deel van sy bestaan was dit oorbevolk. Voorts was die leefwyse van die inwonende slawe volgens Kolbe "zeer morzig en beestachtig".[133] Onderlinge onsedelikheid, sowel as onsedelikheid tussen matrose, soldate en Kompanjieslavinne het aan die losie 'n hardnekkige reputasie as bordeel besorg,[134] terwyl daar weens swak ventilasie 'n onuitstaanbare stank binne die gebou was.[135]

Nadat 'n ondersoek in 1717 bevind het dat die losie in sy vervalle toestand nie meer as slaweverblyf geskik is nie, is 'n aanbeveling, dat die bestaande gebou 'n tweede verdieping moet bykry en verder met 'n enkelverdiepingstruktuur vergroot moet word, deur die Politieke Raad aanvaar en is voorts besluit dat die slawelosie herbou moes word.[136] Die plan vir die "vernuwing en vergroting" van die losie is eers teen 1732 gedeeltelik in werking gestel. Dit sou 'n paar jaar van restourasie en herstel in beslag neem voor dit teen die laaste helfte van die agtiende eeu voltooi was.[137] In 1752 is die slawelosie van nog 'n verdieping en 'n platdak voorsien.[138] Teen die einde van die agtiende eeu het Robert Semple die slawelosie, wat tussen die Kompanjiestuin en die Nederduits Gereformeerde Kerk geleë was, as 'n groot langwerpige gebou van tagtig treë (ongeveer 72 meter) in lengte en twintig treë (ongeveer 18 meter) in breedte met 'n binnehof, beskryf.[139] **Figuur 21** toon 'n grondplan van die slawelosie in 1798 aan. Volgens 'n verslag in 1793 deur Höhne, die losiesuperintendent, was daar 592 inwoners in die losie waarvan 74 gevangenes en 36 bejaardes en gestremdes was wat nie harde arbeid kon verrig nie. Hulle moes die losie skoonmaak en na die klein kindertjies van werkende slawemoeders omsien. Die slawelosie het 'n welkome heenkome aan blinde en lam bejaarde slawe gebied. In ruil vir die goeie sorg wat hulle as kinders van die bejaarde slawe ontvang het, het dankbare jong medeslawe met deernis na hulle omgesien.[140] Verstandelik gestremde persone is soms in klein kamertjies binne die slawelosie gehuisves, terwyl bandiete op die solder gebly het.[141]

Buiten die losiedirekteur, die dokter, onderwysers en opsigters het die losiepersoneel ook die oppermandoor ingesluit, wat in 'n aparte gebou langs die slawelosie gewoon het.[142] Dit was sy plig om saans om agtuur al die slawe te tel, hulle toe te sluit en die sleutel persoonlik aan die fiskaal te besorg. Die volgende oggend moes hy weer die sleutel daar gaan haal om die losie oop te sluit. Daarbenewens moes hy saans toesien dat alle ligte, buiten dié in die kombuis, na agtuur gedoof is.[143] Die "buite-" en "binnemoeders" moes na die opvoeding van die jong slavinne omsien en hulle in hand- en naaldwerk onderrig, "voornamelijk … 't naijen van linnen en wolle klederen". Dié slavinne is toegelaat om sakgeld te verdien deur naaldwerk vir die burgers te doen, terwyl hulle hulle dienste gratis aan lede van die Politieke Raad en dié se vrouens beskikbaar moes stel. Dié vergunning is toegestaan op voorwaarde dat die

---

133 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 267.

134 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 10.

135 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, pp. 116 - 117.

136 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 161 - 163.

137 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, pp. 12 - 16.

138 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 36; J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, p. 10.

139 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 18.


140 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 38.

141 *Ibid.*, p. 37; O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, p. 17.

142 J.C. Armstrong, Die slawe, 1652 - 1795, *in* H. Giliomee en R. Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652 - 1820*, p. 95.

143 V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 36, 232 en 29.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 22:** Die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, aanvanklik die Kompanjieslawelosie aan die Kaap. Op Erfenisdag 1998 het dit, tydens 'n plegtigheid, die naam "Slawehuis" ontvang.
Uit: O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou* (Kaapstad, 1958), teenoor p. 58.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verdiende geld "tot hun kleding en verdere behoevtigheden wijselijk anwenden" sou wees.[144]

Met die aanvang van die Bataafse Bewind in 1803 was die owerhede vasbeslote om beter na die behoeftes van losieslawe om te sien. Die losie was nie meer so oorbevolk nie, aangesien dit slegs deur 405 inwoners, waarvan 365 slawe was, bewoon is. Tydens die Tweede Britse Besetting (1806 - 1815) het Bird 'n beter prentjie van die slawelosie geskets:

> The buildings are airy and well adapted for the purpose ... There is a school for the children ... and they make fair proficiency according to their age. Everything appears to be conducted in the manner best suited for comfort and conveniency, and for the improvement of the children.[145]

Vier jaar na die Tweede Britse Besetting is die meerderheid losieslawe op aanbeveling van die Graaf van Caledon verkoop en die res elders gehuisves. In 1810 het die slawelosie die Hooggeregshofgebou geword, terwyl dit in 1966 in die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum **(Fig. 22)** omskep is.[146] Op Erfenisdag 1998 het dit tydens 'n plegtigheid die naam "Slawehuis" ontvang.[147] Volgens Mentzel is daar gedurende die agtiende eeu ook slawe by die stalle, hospitaal, tuin en die buiteposte gehuisves,[148] terwyl Kolbe spesifiek melding gemaak het van die slawe wat by die stalle woonagtig was.[149]

Wat die huisvesting van die stedelike slawe in privaatbesit betref, is dit van belang om kennis te neem van die sewentiende eeuse aandklokreël aan die Kaap wat bepaal het dat eienaars saans moes toesien dat hulle slawe na die lui van die aandklok "binne 't huijs" of andersins in besit van 'n "licentiebrief" moes wees.[150] Met die oog op veiligheid en goedkoop polisiëring het die Kaapse owerhede dus verkies dat stedelike slawe onder dieselfde dak as hulle meesters gehuisves word.[151]

In 'n plakkaat wat in 1755 tydens die pokke-epidemie uitgevaardig is, word daar melding gemaak van die meeste huise wat geen "apartementen" vir die huisvesting van slawe gehad het nie en hulle daarom in die huise self of in die soms beskikbare bekrompe slawevertrekke onderdak gegee is,[152] terwyl Teenstra in sy beskrywing van die Kaapstadse huise die slawevertrekke as deel van die huis beskryf het.[153] Mentzel het ook opgemerk dat dit 'n algemene gebruik aan die Kaap was om slavinne snags in die kombuis te laat slaap.[154] Samuel Hudson het in 1799 verwys na die kombuise wat snags deur slawe geokkupeer was, "and of

---

144 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 171.

145 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 79.

146 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 33; J.J. Oberholster, *The historical monuments of South Africa*, pp. 10 - 11.

147 N. Arends, Ou Hoërhof feestelik hernoem, *Die Burger*, 1998-09-25, p. 4.

148 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 124.

149 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop II*, p. 249.

150 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, pp. 64, 215 en 299.


151 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 253.

152 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek III*, p. 10

153 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 281.

154 O.F. Mentzel, *Life at the Cape in mid-eighteenth century*, p. 40.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 23:** Plan van die Koopmans De Wet-huis, Kaapstad. Let op die kombuis op die verste punt van die grondvloervleuel waar bevoorregte huisslawe – veral slavinne – gebruiklik snags geslaap het, terwyl ander slawe in die slawekwartiere, apart van die woonhuis, gehuisves is.

Uit: G.E. Pearse, *Eighteenth century architecture in South Africa* (London, 1957), p. 10.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



course is not approachable by the master of the family".[155] In die sewentiende eeu is ook slawemans soms in die woonkwartiere van welaf stedelinge gehuisves.[156] Terwyl Cornelis Brust van Alkman op 6 Junie 1692 in die Kaapstadse woning van Henning Hüsing ingebreek het, is hy deur 'n "swarte jongen" van Hüsing wat in die huis was, betrap en aan die owerhede oorhandig.[157]

Teen die einde van die agtiende eeu was dit die heersende tendens dat huishoudelike slavinne en enkele betroubare slawemans van gemengde afkoms binne die woning van die eienaar gehuisves is, terwyl ingevoerde slawemans, minder betroubare slawe en slawe wat nie direk by die huishouding betrokke was nie in aparte afgesperde wooneenhede op die persele van hulle meesters gewoon het.[158] In 'n huis waar lady Anne Barnard in 1797 tuisgegaan het, het 'n deur gelei na "the back yard where there is a Kitchen, rooms for Slaves and other Offices", terwyl 'n ander deur uit dieselfde vertrek toegang tot die slaapkamers verleen het, "which all go off one Square apartment, where the female slaves sleep in the best manner they can contrive it ... "[159] Volgens die waarneming van Semple in 1804, was slawe oor die algemeen onder dieselfde dak as hulle meesters woonagtig,[160] terwyl hy elders ook opgemerk het dat slawe *soms* in die woning van die eienaar gehuisves is, "but more generally in small apartments connected with, or but slightly seperated from the main building".[161] Die Koopmans de Wet-huis **(Fig. 23)** is 'n tipiese voorbeeld van sodanige opset. Ander voorbeelde van Kaapstadse huise wat aparte slawekwartiere gehad het, was dié van fiskaal Joan Blesius (1656 - 1711) in Hofstraat waarin 39 slawe gehuisves is, [162] sowel as *Le Jardin* **(Fig. 6)**, die woning van Francois Duminy.[163]

Die voorreg om in die huis te slaap was veral die kamermeisie van die meesteres beskore. Gewoonlik was sy 'n Maleier- of meesal Kaapsgebore slavin van gemengde afkoms wat snags in die onmiddellike omgewing van haar meesteres se slaapkamerdeur geslaap het.[164] Wat slaaptoerusting betref, het die slawe in die huishouding van die welaf Joachim von Dessin elk onder meer 'n bulsak, kussing, wolkombers en 'n robvel ontvang.[165] Die robvel is om die houtraam van hulle "kadels" gespan.[166]

Wat die akkerboustreke betref, was die gegoede boere in staat om aan hulle slawe goeie huisvesting te verskaf, soos blyk uit die talle slawekwartiere wat deel van die tipies Kaaps-Hollandse opstal op die plase was. Op die plaas Onrust by Tygerberg was daar in

---

155 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 256

156 *Ibid.*, p. 253.

157 Algemene Rijksarchief Den Haag: VOC. 4030, folio 338: Confessie: Cornelis Brust van Alkman, 1692-07-08, soos aangehaal *in* R.C-H. Shell, *Children of bondage*, p. 253.

158 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 117.

159 Lady Anne Barnard, *The Cape journals of Lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), pp. 158 - 159.

160 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 38.

161 *Ibid.*, p. 34.

162 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 256.


163 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 72.

164 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 142; H.F. Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu*, pp. 114 - 115.

165 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 63.


166 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 67.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**Figuur 24:** 'n Afbeelding van die suidelike aansig van die Meerlust-plaasopstal in 1798, volgens die kunstenaar Friderici. Die slawekwartiere, regs in die illustrasie, is met die letter *e* aangedui.

Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 75.



**Figuur 25:** Die slawekwartiere op Vergelegen in die tyd van W.A. van der Stel, soos voorgestel deur J.V. Thiel.

Uit: E.C. Godée-Molsbergen en J. Visscher, *South African history told in pictures. Pictorial atlas* (Amsterdam, 1913), p. 37.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1709, naas die koringhuis en wynkelder, ook 'n slawehuisie,[167] terwyl lady Anne Barnard tydens die Eerste Britse Besetting (1795 - 1802) van die teenwoordigheid van slawekwartiere op die akkerbouplase melding gemaak het.[168] Sommige van dié plase was selfversorgende eenhede waar 'n groot getal landbouslawe, maar veral die kosbare ambagslawe, gehuisves moes word. In 1768 het Stavorinus juis melding gemaak van die groot getal Oosterse slawe wat as ambagslui op die plaas Elsenburg van Martin Melck in diens was en bygevoeg dat die ongeveer 200 slawe wel van woonkwartiere voorsien was. Elke slaaf het sy aparte slaapvertrek gehad, terwyl "getroude slawe" apart gehuisves is.[169] Uit die inventaris van Melck se boedel kan afgelei word dat daar onder meer 'n kombuis in die slawekwartiere was.[170]

Tydens sy reise aan die Kaap in die vroeë negentiende eeu het Lichtenstein die plaas Meerlust van Philip Meyburg as 'n selfversorgende eenheid uitgesonder en opgemerk dat daar op dié plaas talle landbouslawe, sowel as 'n verskeidenheid bekwame ambagslui werksaam was.[171] 'n Akwarel wat Johann Christiaan Friderici in 1798 van die Meerlust plaasopstal gemaak het **(Fig. 24)**, gee 'n aanduiding van hoe die slawekwartiere daar uitgesien het. Dit was 'n langwerpige gebou, apart van die woonhuis. Die feit dat die gebou drie skoorstene gehad het, dui daarop dat dit ook die werkswinkels van die ystersmede, wielmakers en wamakers kon gewees het.[172] Robert Shell is van mening dat die aparte langhuis slawekwartiere op die plase oor die algemeen uit die aparte kombuis van die plaashuis ontstaan het. Soms was dit die eerste fase woonhuis van die meester, wat mettertyd die aparte kombuis en nog later die slawekwartiere van die slawemans geword het. In dié verband is die haard in die aparte gebou waarskynlik as kombuishaard, stoof én smedery gebruik. Dit verklaar die verskynsel waarom losstaande slawekwartiere meesal 'n skoorsteen gehad het.[173]

Op die plaas Vergelegen het Willem Adriaan van der Stel onder meer "in zynen byzondere dienst wel hondert stuks van de beste slaven en slavinnen der Maatschappye", [174] sowel as 'n aansienlike getal privaatslawe gehad wat gehuisves moes word. Die slawekwartiere van Vergelegen is tussen 1699 en 1706 gebou om 100 slawe te huisves.[175] Dit was 122 voet (40 meter) lank en 38 voet (13 meter) breed. Uit 'n skets wat J.V. Thiel in 1707 gemaak het **(Fig. 25)**, blyk dit dat die slawekwartiere op Vergelegen 'n lang grasdak gebou met twee wolwe-ent gewels, twee skoorstene, 'n groot ingang aan die een kant met 'n halfsirkel-soldervenster bokant dié ingang was. Net soos by Meerlust, impliseer die groot sy-ingang, soos vir 'n waenhuis, sowel as die twee skoorstene, dat dié gebou die werkswinkels gehuisves het en ook as die woonkwartiere vir die wamakers, ystersmede, wielmakers en ander ambagslui gedien het.[176] Bogaert, Valentyn, sowel as Stavorinus, het voorts van die slawekwartiere op

---

167 C.S. Woodward, *The interior of the Cape house, 1670 - 1714*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1982, p. 24.

168 W.H. Wilkens (red.), *South Africa a century ago (1797 - 1801)*, pp. 118 - 119.

169 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I*, pp. 52 - 53.

170 K.A.B.: MOOC. 7/1/25, nr. 39: Testamente, algemene series, 1689 - 1800, 1776-06-24.

171 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 138.


172 J. Walton, *Old Cape farmsteads*, pp. 75, 92 en 94.

173 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 257.

174 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, p. 495.

175 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 254.

176 J. Walton, *Old Cape farmsteads*, p. 94.



**Figuur 26:** Die Libertas-slawekwartiere, deur 'n pluimveehok begrens, volgens 'n afbeelding deur James Walton.

Uit: J. Walton, *Old Cape farmsteads* (Kaapstad, 1989), p. 99.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vergelegen melding gemaak.[177]

Tydens sy besoek in 1825 aan Constantia, terwyl Hendrik Cloete die eienaar van die plaas was, het Teenstra opgemerk dat 'n groot netjiese stal en slawewonings aan die regterkant van die laning geleë was.[178] Hierdie slawekwartiere is heelwaarskynlik deur Cloete laat bou, aangesien dominee Valentyn in sy breedvoerige beskrywings van Constantia tydens sy besoeke in 1705 en 1741 geensins iets oor slawekwartiere gerep het nie. In 'n gravure van Constantia deur Johann Heydt in 1741 toe dit in besit van die Duitser Wieser was, ontbreek die slawekwartiere ook.[179] In 1799 is daar egter ten minste 25 slawe in die "jongenhuijs" op Groot Constantia gehuisves.[180] Voor die aanbou van die slawekwartiere het die huishoudelike slawe heelwaarskynlik in die kelderarea onder die huis gewoon.[181] Tydens sy besoek aan Bergvliet, wat voorheen deel van Constantia was, het Teenstra opgemerk dat die slawekwartiere ook deel van die "groot en fraai geheel" uitgemaak het.[182] Op De Nieuwe Plantatie is die slawe in 'n langwerpige gebou gehuisves wat onder meer ook die bakhuis en waenhuis ingesluit het.[183]

In die geval van Libertas was die slawekwartiere 'n langwerpige gebou met 'n pluimveehok aan die een punt **(Fig. 26)**. Mettertyd sou 'n patroon ontwikkel waarvolgens slavinne in die kombuis of solder van die plaashuis gehuisves word, terwyl die slawemans in aparte woonkwartiere naby die stalle, varkhokke, duiwe- en pluimveehokke gehuisves is om ook snags as bewakers van die vee van nut te wees.[184] Hierdie slawekwartiere was normaalweg lang, lae geboue wat in eenhede of indiwiduele kamers verdeel is, soos by Boschendal en Rhône. Soms is die slawekwartiere, soos dié by Spier, met gewels of gemodelleerde borswerings versier.[185] Uit inventarisse kan afgelei word dat die meublement van hierdie slawewonings uit banke van houtplanke, sowel as oortollige ou plaasmeubels bestaan het.[186]

Op die kleiner plase van die minder gegoede akkerbouboere is die slavinne en hulle kinders in die kombuis gehuisves, terwyl die landery- en ander plaasslawe in die skuur, buitegeboue of soortgelyke ruimtes waarin implemente, meubels, graan en diverse items gestoor is, en soms selfs in die tuin, moes slaap. Die veewagterslawe het by tye onder die blote hemel by die skape in die kraal geslaap.[187]

Slawehuisvesting op die binnelandse plase was beslis meer beskeie as dié van die akkerbou-

---

177 A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, p. 473; G.E. Pearse, *Eighteenth century architecture in South Africa*, p. 45; J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia naar Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, I*, p. 69.

178 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 418.

179 R. Raven-Hart (red.), *Scenes of the Cape of Good Hope in 1741 as drawn by Johann Wolffgang Heydt*, p. 11.

180 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 256.

181 Y. Brink, *Places of discourse and dialogue; a study in the material culture of the Cape during the rule of the Dutch East India Company, 1652 - 1795*, Universiteit van Kaapstad, 1992, p. 116.

182 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 424 - 425.

183 *De Nieuwe Plantatie*-restourasieplanne goedgunstiglik deur Gawie en Gwen Fagan beskikbaar gestel.

184 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 257.

185 J. Walton, *Homesteads and villages of South Africa*, p. 37.

186 K.A.B.: MOOC. 8/3, nr. 30: Inventarissen, 1685 - 1800, 1725-09-19; MOOC. 8/6, nr. 26: Inventarissen, 1685 - 1800, September, 1739.

187 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 92.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

streek. In dié verband het die kapstylhuis 'n belangrike rol gespeel. Nadat 'n plakkaat in 1715 in Kaapstad uitgevaardig is wat die verdere bou van huise met mure laer as 15 voet (ongeveer 5 meter) verbied het, het dit in Kaapstad in onbruik verval.[188] Op die afgeleë binnelandse plase is die kapstylhuis of pondok egter heel nutttig as slawehuisvesting aangewend.[189] In 'n tekening wat kolonel Robert Jacob Gordon in 1778 van die plaas Kweekvallei gemaak het, is soortgelyke huisvesting vir die plaasarbeiders in die voorgrond sigbaar [190] **(Fig. 19)**. Die kapstylhuis is deur 'n afskorting in twee vertrekke verdeel, terwyl kos buite agter 'n kookskerm of soms selfs in 'n ander kapstylhuis gaargemaak is.[191] In sy beskrywing van die primitiewe woning van 'n afgeleë boereplaas het Semple bygevoeg dat al dié plase van buitegeboue vir die slawe voorsien was.[192] Op beide die plase van Gerrit Vischer in die Roggeveld en Barend Burger in die Sneeubergomgewing het Lichtenstein in die vroeë negentiende eeu opgemerk dat slawehuisvesting deel van die buitegeboue op die plase uitgemaak het.[193] Die slawehuisvesting op die kleiner afgeleë plase is met die mat-en-strooihutte van die Khoikhoi vergelyk.[194] Op een van die grensplase in die Somerset-distrik het die slaaf Adonis en slavin Mina 'n strooihut gedeel, terwyl Catherina Nel in 1795 by die owerhede gekla het dat haar ryk buurman, Hendrik Eksteen, slegs 'n "pondok" vir sy slawe – en dit nog te na aan haar eiendom – gebou het.[195]

Tydens sy binnelandse reis in 1776 het Hendrik Swellengrebel (1734 - 1803) waargeneem dat die meeste huise in die Kamdebo slegs 'n enkele vertrek sonder afsonderlike kamers was en dat die beddens deur die slaapmat van 'n Khoikhoi of slaaf geskei is.[196] Dit is later tydens die Eerste Britse Besetting deur Semple bevestig dat slawe en Khoikhoi in baie gevalle saans in die voorportaal van die meester se huis geslaap het.[197] Ook in die Roggeveld het die eienaar en sy slawe soms 'n enkele woning gedeel.[198] In sommige gevalle het die veewagters saam met die vee in die kraal geslaap.[199] 'n Skaapvel het onder meer as beddegoed vir die slawe gedien.[200]

## *2. Voedsel*

Wat die verskaffing van voedsel aan die Kompanjieslawe betref, moet in gedagte gehou word dat daar veral tydens die eerste 25 jaar van die VOC-bestuur 'n voortdurende voedseltekort aan die Kaap was. Alhoewel alle inwoners van die nedersetting daardeur geraak is, het die

188 K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek II*, item 35.

189 R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 254.

190 E.C. Godée Molsbergen, *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse tijd II*, p. 66; P.E. Raper en M. Boucher, *Robert Jacob Gordon; Cape travels 1777 to 1786, I*, p. 65.

191 J. Walton, The South African "kapstijlhuis" and some European counterparts, *Restorica* 10, Desember 1981, pp. 2 - 8.

192 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 193 - 194.

193 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 132 en *II*, p. 22.

194 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 207.

195 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten, 1715 - 1806, IV, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 1537.

196 V.S. Forbes, *Pioneer travellers of South Africa*, p. 68.

197 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 194.

198 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 130.

199 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 166.

200 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 90; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 194; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 117.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slawe die meeste daaronder gely. In 1684 is 'n ernstige rystekort aangevul deur harde brood in die slawe se dieet in te sluit.[201] Alhoewel dit teen die einde van die sewentiende eeu effens beter gegaan het, het tekorte van sekere voedselsoorte van tyd tot tyd voorgekom, soos die ongewone graantekort in 1720,[202] die viermaandlange rystekort aan die begin van 1727, die varsvleistekort van 1723 [203] en 'n tweede graantekort in 1727.

Die algemene voedseltekorte tydens die Kompanjiesbeheer het tot gevolg gehad dat slawe telkens oor die kwantiteit en kwaliteit van hulle rantsoene gekla het. Nadat hulle in 1670 gekla het dat die rys, wat hulle hoofstapelvoedsel was, deur kalander hol gevreet is, is dit van 40 tot 50 pond (ongeveer 23 kilogram) elk per maand vermeerder.[204] In 1672 is die voedselvoorrade in opdrag van die besoekende kommissaris, Arnout van Overbeeck, vermeerder.[205] Na die inhandiging van 'n versoekskrif deur luitenant K.J. Slotsboo (1668? - 1726) namens die slawe, is 'n vermeerdering van voedselrantsoene weereens op 11 Maart 1710 toegestaan. Hiervolgens moes die slawe elk 'n vermeerdering van agt pond (ongeveer 4 kilogram) meel en 40 pond (ongeveer 18 kilogram) rys per maand ontvang, terwyl 'n half pond (ongeveer 230 gram) vars vleis daagliks per slaaf en 'n half aam (ongeveer 73 liter) gesoute vis weekliks per 50 slawe verskaf moes word. [206]

Vir die grootste deel van die Kompanjiestyd aan die Kaap het die slawe, sowel as die soldate dieselfde rantsoene van rys en brood ontvang. Tot die middel van die agtiende eeu was rys die stapelvoedsel van die slawe. Na 1687 is brood wel soms as plaasvervanger vir of aanvulling tot die rysdieet verskaf.[207] Die Kompansjieslawe was in die eerste helfte van die agtiende eeu op ses pond (ongeveer 2,7 kilogram) brood per week of veertig pond (ongeveer 18 kilogram) rys per maand geregtig.[208] Teen die einde van die agtiende eeu toe daar genoeg koring aan die Kaap geproduseer is om in die plaaslike behoeftes te voorsien, het die slawe meer brood as rys geëet.[209] Volgens die verslag van die losiedirekteur Höhne in 1806 het elke slaaf 15 pond (ongeveer 7 kilogram) rys, bone of ertjies per maand, sowel as een brood en een pond (ongeveer 500 gram) vleis per dag ontvang.[210] Weens noue kontak met en invloed van die Ooste sou rys egter altyd deel van die plaaslike slawedieet uitmaak.

Tydens die swaarkryjare aan die begin van die nedersetting is die stapelvoedsel rys, ook met

---

201 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 117.

202 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 418.

203 G.C. de Wet, (red.), Resolusies van die Politieke Raad VI, 1720 - 1723, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 299; *Ibid. VII*, pp. 313 en 342.

204 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 35.

205 *Ibid. II*, p. 77; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 418.

206 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 157 - 158.

207 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 38.

208 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 168; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1679 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 275 en *VII*, p. 342.

209 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony I*, p. 216.

210 Public Record Office, Londen: CO. I, p. 357: Letters received from Slave Lodge 1806; Höhne to Colonial Secretary, 1806-03-12, soos aangehaal *in* O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, p. 24.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

robvleis, vis en voëls aangevul.[211] Veral wanneer die rys skaars was, is robvleis vanaf onder meer Dasseneiland verkry.[212] Op 30 Mei 1658 het die Politieke Raad 'n besluit geneem ingevolge waarvan die jag *Maria* voor haar vertrek na Indië "... eers een tochjen te laat doen na de Baj Saldanha: omme aldaer soo veel vaten vol robbe-vleijs ende vogels in te souten ende vis [harders] te vlecken ..." [213] Sedert hulle aankoms was robvleis die belangrikse vleiskos van die slawe en is in gerookte, gesoute of gedroogde vorm aan hulle verskaf.[214]

Vis wat 'n voorkeurvoedsel by slawe was, sou in toenemende mate 'n belangrike rol in die dieet van die Kompanjieslawe speel. In dokumente is telkens verwysings na vis as slawevoedsel, soos "10 vaten voll vis in zout geleijt ... voor onse slaven",[215] vis van Valsbaai wat gevang is "voor's Compagnies lijffeigenen, ... ingesouten in vaetwerk" [216] en "fine salted breams, harders, and other fish, for the slaves and convicts".[217] In die vroeë agtiende eeu was Kompanjiematrose te Vishoek gestasioneer om vis te vang en so die voedselvoorrade van die Kompanjieslawe aan te vul.[218] Die graterige "hottentotsvis" [219] wat relatief goedkoop, geredelik beskikbaar en in nette langs die Kaapse kus gevang is, is in gepekelde, gesoute of gedroogde vorm aan die slawe verskaf.[220] Simon van der Stel was 'n kranige visterman waaruit die Kompanjieslawe per geleentheid voordeel getrek het toe hy op 11 Oktober 1690, na 'n suksesvolle visvanguitstappie in geselskap van sy vriende in die Tafelbaai-omgewing, die hele groot vangs netso aan die slawelosie geskenk het.[221]

Die vleis van vee en wild is tot die vroeë agtiende eeu slegs in uitsonderlike omstandighede as aanvulling of tydelike vervanging van vis aan die slawe verskaf. Mettertyd sou daar egter 'n merkbare verandering in die voedsel van Kompanjieslawe intree met vleis wat goedkoper geword het en geleidelik die oorwegend visdieet van die beginjare sou vervang. Tydens tekorte moes die slawe egter met swakker kwaliteit vleis tevrede wees.[222] In die geval van vee het die slawe die kop, pote, binnegoed en ander afval van die karkas ontvang. Ingevolge 'n resolusie van die Politieke Raad op 28 Julie 1687 moes afval voortaan as byvoedsel aan die Kompanjieslawe verskaf word. Die voorskrifte in dié verband is as volg in 'n resolusie uiteengesit:

211 H.C.V. Leibbrandt (red.) Letters despatched from the Cape, 1652 - 1662, III, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 39.

212 K.A.B.: C. 1872: Dagregister, 1658-05-28.

213 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad I, 1651 - 1669, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 149.

214 *Loc. cit.*; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck II, 1656 - 1658* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), pp. 379 - 380, 302 - 303, 371 en 378.

215 A.J. Böeseken (red.), Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662 - 1666, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke: Belangrike Kaapse Dokumente II*, p. 271.

216 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 35.

217 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 76.

218 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 96.

219 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 89.

220 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 22; H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape, 1696 - 1708, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 142; J.A. van Riebeeck, *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I, 1651 - 1655* (reds. D.B. Bosman en H.B. Thom), pp. 44 - 45, 54 en 63 - 64; *Ibid. II*, pp. 302 - 303 en 379; *Ibid. III*, p. 401.

221 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 38.

222 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 424.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> So is eenstemming verstaan boven hun gewoonlijk ranzoen haar tot voedsel te doen verstrekken de hoofden, voeten, ingewand en verdere afval van 's Comps. hier ter stede geslagte vee, sullen de binne en buijte moeders ten dien einde goede sorge dragen dat de voors. afval an de slaven tot potagie gekookt, wel en ordentlijk uijtgedeeld werde.[223]

Met die uiteensetting van die voorwaardes vir die vleispag in 1705, het die Politieke Raad onder meer bepaal dat die koppe, harslag en afval van beeste en skape teen vasgestelde pryse deur die slagters aan die Kompanjie gelewer moes word en dat afgekeurde vleis vir die Kompanjieslawe verbeurd verklaar sal word.[224] Daarbenewens is afgeleefde, sowel as onbruikbare osse geslag om in die vleisbehoeftes van die Kompanjieslawe te voorsien,[225] terwyl hulle by tye ook met die swak vleis van siek en dooie vee tevrede moes wees.[226] Wildsvleis is as aanvullende voedsel in vars, gedroogde of gesoute vorm verskaf. Drie soldate wat in 1673 hulle vryburgerskap verkry het, moes as voltydse wildjagters in die vleisbehoeftes van die slawe voorsien. Die gebruik van wildsvleis as voedsel vir die Kompanjieslawe is met die vestiging van die Stellenbosse-, Drakensteinse- en Franschhoekse boerderygemeenskappe tydens die laaste twee dekades van die sewentiende eeu beëindig.[227] Behalwe robvleis, is ook voëls, veral pikkewyne as plaasvervanger vir vee- en varkvleis tydens die vroeë nedersettingsjare aan die Kompanjieslawe gegee.[228] Later sou voëlvleis veral as bykomende "toespijs" aan slawe verskaf word.[229] Ander "toespijs" of toegifte het onder meer ertjies, boontjies, wyn, asyn, sout en peper, lewertraanolie en kruie ingesluit,[230] terwyl pampoene op 'n gereelde basis in die vroeë agtiende eeu aan slawe uitgedeel is.[231] Op 3 Maart 1688 was daar in 'n resolusie sprake van "goed toespijs en potagie" vir slawe wat waarskynlik groente kon gewees het, terwyl 'n bykomende "veerthien dubbelde stuijvers soldatenkostgeld" per maand ook genoem is.[232]

Die wyse waarop slawe hulle voedsel berei het, sou 'n probleem vir die owerhede blyk te wees. Nadat dit aan die lig gekom het dat die Kompanjieslawe na 'n dag se werk "door haar jonckeijt, luijheijt en onwetenheit haar eijgen cost niet cunnen vervaerdigen, oocq van 't werck comende, weijnigh of geen lust hebben haar rijs te koocken … de rijs alsdan door hare eijgen luijigheijt gansch raeuw en ongecoockt op schaffen, en daardoor in sieckte te vervallen", is 'n besluit op 30 Desember 1677 geneem ingevolge waarvan 'n "back of schaffmeester" vir die voorbereiding van voedsel vir elke agt losieslawe aangestel is. Daarbenewens moes die slawe voortaan twee maal per week groente uit die Kompanjiestuin ontvang.[233] Uit onkunde vir die Oosterse voedselgebruik waarvolgens rys "los" gekook is, het

---

223 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 167.

224 *Ibid. III*, p. 430.

225 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 202

226 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 167.

227 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 424.

228 H.C.V. Leibbrandt (red.), Letters despatched from the Cape 1652 - 1662, II, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 323 - 324.

229 *Ibid.*, p. 39.

230 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony I*, p. 216.

231 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 153.

232 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 188.

233 *Ibid.*, p. 220.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kolbe ongeveer dertig jaar later die Kompanjieslawe se sogenaamde traagheid om hulle voedsel te kook as volg verwoord:

> Want of schoon de Illustre Compagnie, vleesch, gezoute visch, reist, of brood, peper en andere levensmiddelen rykelyk aan haar laat uitdelen en geven, zoo zyn zy echter, ten ware zy met slagen genoodzaakt wierden, te traag, te lui en te achteloos, om alle deze dingen te koken, en tot een voedzame spys klaar te maken, om dat sy eerder zouden hongerlyden … Ik zeg derhalven nogeens, dat zy meest raauwe spys, als haringen met een weinig koude ryst, in water gekookt, in plaas van brood, eeten.[234]

Alhoewel die Kompanjieslawe soms deur die kwaliteit en kwantiteit van hulle voedsel benadeel is,[235] het van die voedselsoorte hulle tog welgeval. Dit was veral die Oosterse slawe wat, net soos in hulle vaderland die geval was, ook aan die Kaap 'n voorliefde vir vis en rys geopenbaar het. Tydens sy Oosterse reise het Stavorinus tereg opgemerk dat die Bengalese se stapelvoedsel rys is, "en in plaats van brood gebruikt word",[236] terwyl die Javane se "voornaamste voedsel … gekookte rijst met een weinig visch en een dronk water" is.[237] Selfs in die *Resolusies van die Politieke Raad* word melding gemaak van die slawe wat "alle met rijst sijn opgevoet" en wat "de rijset [rijst] beter te lijve crijgen met water en soutte visch &a".[238]

Wat die voedsel van stedelike slawe in privaatbesit betref, is daar etlike aanhalings van besoekers en reisigers wat daarop dui dat hierdie slawe, veral die huisslawe, nie gebrek gely het nie.[239] Oor die algemeen het die voedsel van die huisslawe hoofsaaklik uit dit wat van die tafels van hulle meesters oorgebly het en met 'n groter porsie rys gemeng is, bestaan.[240] Volgens Semple was die tafels van die middelklas Kapenaars "wel covered, and their feasts are mere exhibitions of fish, flesh, and fowl, heaped together with the utmost profusion", [241] terwyl Cornelius de Jong skaapvleis, aartappels en rys as die vernaamste voedsel van die slawe in privaatbesit uitgesonder het, "daarbij het overschot van de tafels, want bijna geen stuk vleesch of andere schotel verschijnt twee malen, maar word in die keuken gegeven en is voor de slaven".[242] Die Kapenaars het lekker rojaal geëet en hulle slawe het voordeel uit die oorvloed van hulle tafels getrek. In die loop van 1754 het Joachim von Dessin 91 riksdaalders aan vars vleis en groente "tot dagelijkse consumptie voor mij en mijn volk" spandeer.[243] Vars vleis, en

---

234 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 396.

235 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 129.

236 J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, II*, p. 25.

237 *Ibid. I*, p. 203.

238 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 4.

239 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 43; *Ibid. II*, p. 108; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 152; R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, p. 38.

240 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 34 en 38.

241 *Ibid.*, p. 31.

242 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 144.

243 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 54.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wel skaapvleis, was voedsel wat die Kompanjieslawe moes ontbeer, terwyl dit vrylik vir die stedelike privaatslaaf beskikbaar was.

Aangesien die meerderheid Kaapse slawe 'n voorliefde vir vis gehad het,[244] kan aanvaar word dat die slawe in privaatbesit deur visvangs in hulle vrye tyd, sowel as by die vismark, vis bekom het wat hulle self voorberei en geëet het. Gedroogde snoek was veral gewild onder die Kaapse slawe.[245] Slawevissers in diens van hulle meesters sou geen probleem ondervind het om vir hulleself 'n vissie of twee in die visryke Kaapse waters te vang nie. Stedelike houthalerslawe, wat heeldag hout moes versamel en eers saans huis toe gekom het, het as rantsoen brood met skaapvet en soms 'n porsie droë vis ontvang.[246] Volgens De Jong was dit 'n algemene gebruik "bij mindere lieden" om skaapvet in plaas van botter te gebruik.[247] Soms moes dorpslawe wat bedags uitgewerk het, net met 'n pond brood tevrede wees.[248] Slavinne wat as soogvrouens uitgekies is, het die beste en heilsaamste voedsel ontvang.[249]

Wat die voedsel van die akkerbouslawe betref, blyk dit dat hulle veral wat kwaliteit betref, nie so goed soos die meerderheid dorpslawe in privaatbesit daaraan toe was nie. Die plaasslawe is veral uit die opbrengs van die land en uit die veekudde gevoed. Op die graanplase was brood, veral rogbrood, waarvan die kwaliteit sterk by besoekers onder verdenking was, die stapelvoedsel van die slawe. 'n Opname wat in 1797/98 gedoen is, het aangetoon dat alle graanboere 'n gemiddeld van twee muddens koring vir brood per slaaf per jaar in voorraad gehou het.[250] Alhoewel 'n onbekende skeepsoffisier in die vroeë negentiende eeu van mening was dat goeie brood in elke huis aan die Kaap te vinde was,[251] het N.L. de la Caille (1713 - 1762) reeds teen die middel van die agtiende eeu opgemerk dat die brood wat deur die boer, sowel as sy slawe geëet is, van 'n swak gehalte was. Volgens hom is die graan sleg gemaal, terwyl die deeg nie na wense voorberei en gebak is nie. Die gevolg was 'n swak kwaliteit brood wat hy as "dark heavy and greasy" beskryf het.[252] Barrow en Percival het die brood wat die akkerbouslawe ontvang het onderskeidelik as "black sandy bread" [253] en "black bread, half sand" beskryf.[254]

Op die wynplase is brood met die vrug van die wingerdstok aangevul. In 1750 het die slawe op 'n Stellenbosse wynplaas daagliks twee "maaltye" van wyn in die oggend, sowel as wyn en rys in die middag ontvang.[255] In sy beskrywing van die daaglikse roetine op 'n wynplaas het Mentzel in die eerste helfte van die agtiende eeu opgemerk dat die plaasslawe in die winter soggens voor werk elk 'n sopie brandewyn saam met 'n snytjie brood ontvang het.[256] Tydens

---

[244] H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 45.

[245] W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 159.

[246] *Gleanings in Africa*, p. 59.

[247] C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 121.

[248] S. Plummer, A foot-soldier at the Cape 1801, *Quarterly Bulletin of the South African Library* 1(2), Desember 1946, p. 38.

[249] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 108.

[250] N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 92.

[251] *Gleanings in Africa*, p. 270.

[252] N.L. de la Caille, *Travels in Dutch South Africa*, p. 92.

[253] J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 44.

[254] R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 292.

[255] K.A.B.: I/ STB 10: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien 1702 - 1804, Mei 1750.

[256] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 108.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oestyd is die wyn met druiwe vervang wat met 'n gebotterde sny brood aan hulle verskaf is.[257] Alhoewel die slawe tydens die wingerdoes toegelaat is om onbeperk van die druiwe te eet, het hulle 'n groter belangstelling in die "dopbier" wat van druiwedoppe en water gemaak is, gehad.[258] Volgens Mentzel was hierdie "intoxicating liquor-like wine" veral onder die slawe en Khoikhoi gewild.[259] Wyn- of dranksopies as motivering en beloning aan slawe, was 'n algemene gebruik op die wingerdplase wat mettertyd ook op alle gemengde akkerbouplase in die Wes-Kaapse akkerboustreek ingeburger geraak het.[260] Welmenende akkerbouboere het hulle slawe veral aan die einde van die saaiseisoen, tydens die koringoes, na die druiwe-oes of vir werk op Sondae met wyn beloon, "which has an immediate refreshing effect on their tired limbs", aldus Mentzel.[261]

Die dieet van die akkerbouslaaf is voorts aangevul met vleis wat hoofsaaklik uit afval [262] en die vleis van wild wat op die plase geskiet is,[263] bestaan het. Op die plase van sommige vooruitstrewende boere, soos Hendrik Cloete en Johannes Colijn, was die vleis geredelik beskikbaar. Cloete het weekliks 'n os vir sy sestig slawe laat slag wat ook met brood en vis aangevul is.[264] In sy memoriaal word juis melding gemaak van 35 osse wat vir die slawe, sowel as vir huishoudelike gebruik geslag is.[265] Johannes Colijn het jaarliks 865 riksdaalders aan botter, vet en bees-, sowel as skaapvleis vir sy slawe spandeer.[266] Volgens Mentzel het die ontbyt van beide die meester en sy arbeiders in die somer op die wynplaas uit warm vleisdisse bestaan.[267] Benewens vee-afval en wildsvleis het die plaasslawe hulle vleishonger ook aan skilpadvleis, wat as 'n lekkerny beskou is, gestil.[268]

Die voedselrantsoene van die akkerbouslawe is verder met veral gesoute gedroogde vis aangevul, "as this is a sort of food that the slaves love exceedingly", aldus Lichtenstein.[269] Dit was veral gedroogde "hottentotsvis" en snoek wat aanvullend tot die dieet van die akkerbouslawe gegee is.[270] Wavragte van dié gesoute vis is deur boere vir hulle slawe van die Saldanhabaai-vissers aangekoop.[271] Groot hoeveelhede harders wat gedurende die maande Oktober en November in die see naby Kaapstad gevang en gesout is, is ook deur die boere vir hulle slawe aangekoop.[272] Om in die voedselbehoeftes van die slawe op sy akkerbouplaas Vergelegen te voldoen, het Simon van der Stel afgedankte Kompanjiesmatrose wat eers hulle

257 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 108.

258 *Ibid.*, pp. 178 - 179 en 183.

259 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 59.

260 J.S. Marais, *The Cape Coloured people 1652 - 1937*, p. 165; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 91.

261 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 110.

262 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 44; R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 292.

263 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 71.

264 H. Swellengrebel, *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel Jr. oor Kaapse sake, 1778 - 1792* (red. G.J. Schutte), p. 235.

265 H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten 1715 - 1806, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 108.

266 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 71.

267 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope*, p. 108.

268 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 92.

269 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 45.

270 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 300.

271 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 45.

272 W.W. Bird, *State of the Cape of Good Hope in 1822*, p. 160.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dienskontrak met die Kompanjie moes voltooi, sowel as die kwartiermeester opdrag gegee om met Kompanjiesnette en -sloepe op 'n daaglikse basis by Vishoek, wat hy uitsluitlik vir sy eie privaat visvangbehoeftes gereserveer het, te gaan visvang.[273]

Naas brood, wyn, vleis, vis en seisoenale vrugte en groente het die akkerbouslawe ook gebraaide wateruintjies geëet, terwyl die blomknoppies gebruik is om 'n dis soortgelyk aan dié van spinasie te maak.[274] Afgesien van die landbouprodukte waarmee die akkerbouslawe se dieet aangevul is, het hulle basiese rantsoene selde die bedrag van tien riksdaalders per slaaf per jaar oorskry.[275]

Wat die voedsel van plaasslawe in die afgeleë binneland betref, is dit in 'n groot mate deur die aard van die produkte wat verbou en mee geboer is, bepaal. Weens die groot afstande van die markte is koring slegs op beperkte skaal vir huishoudelike gebruik verbou. In die noordelike gebiede, soos die Hantam en die Onder Bokkeveld, is veral min koring verbou en het vleis hoofsaaklik die plek van brood in die slaaf se dieet ingeneem. "The consumption of corn is small in these northern parts: meat is the general food: the slaves in particular scarcely ever taste bread", aldus Lichtenstein tydens sy vroeë negentiende eeuse binnelandse reis.[276] Weens die groot skaaptroppe in dié streek was vleis meer geredelik beskikbaar en goedkoper as brood. Drie tot vier skape is daagliks vir 'n huishouding van twintig persone, wat onder meer slawe ingesluit het, geslag.[277] Dit het beteken dat elke veewagter weekliks die ekwivalent van een skaap se vleis ontvang het. Alhoewel daar oor die algemeen nie 'n tekort was nie, was veral die vleis van ouer skaapooie vir die slawe bestem.[278] Soms het veewagters hulleself wederregtelik aan die skape van hulle meesters gehelp. Tydens sy binnelandse reis het Sparrman en sy geselskap op 'n veewagter afgekom wat homself heerlik op gebraaide skaapvleis van een van sy meester se skape onthaal het. Sparrman is deur 'n medereisiger meegedeel dat dit 'n algemene gebruik van die skaapwagterslawe was om hulle op dié wyse op hulle ongenaakbare meesters te wreek.[279]

Indien 'n os geslag is, is die binnegoed vir die slawe gaargemaak. Terwyl die boere 'n heerlike sultgereg van die ospote berei het, is dieselfde gereg afkomstig van 'n lamsiek os aan die slawe gegee.[280] Op baie binnelandse plase het pluimvee voorgekom, maar dit was veral in die Koue Bokkeveld waar pluimvee volop en 'n belangrike voedselbron vir die koloniste was.[281] Daar kan aanvaar word dat slawe in dié gebied meer pluimvee sou geëet het. In gebiede waar wild nog beskikbaar was en die veetroppe van die meester kleiner, het slawe wildsvleis ontvang, "to save the consumption of their flocks", aldus George Thompson.[282] Biltong is ook deur die plaasslawe geëet. Op die plaas van ene Wilders in die Onder Bokkeveld naby Moedverlorenvallei het Lichtenstein kennis gemaak met veewagters wat op "dried and salted

---

273 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 96; A. Bogaert, *Historische reizen door d'oostersche deelen van Asia III*, p. 501.

274 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 51 - 52.

275 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 71.

276 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 113.

277 *Loc. cit.*

278 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, I*, p. 56.

279 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 92.

280 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 202.

281 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 160.

282 G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa III* (red. V.S. Forbes), p. 97.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



flesh" geleef het.[283]

Tydens sy reis het Sparrman onder meer melding gemaak van 'n beeswagter wat 'n kleinerige skilpad gebraai het. Die vleis wat byna nes die van hoender smaak, was 'n gesogte lekkerny. Op die binnelandse beesplase van veral die Swellendam-distrik en die Sneeubergomgewing waar botter op groot skaal gemaak is, was karringmelk in oorvloed beskikbaar.[284] Hierdie heilsame drank wat ook aan siekes voorgeskryf is,[285] is mildelik deur meesters en slawe gedrink. Slawe in die Swellendam-distrik het soms groente, soos wortels, rape en pampoene wat in karringmelk gaargemaak is, geëet.[286]

Die dieet van binnelandse plaasslawe is, net soos dié van die akkerbouslawe, voorts met gesoute, gedroogde vis van onder meer Saldanhabaai aangevul.[287] In die Mosselbaai-omgewing het mossels ook deel van die slawe se dieet uitgemaak.[288] Op die binnelandse plase waar vrugte verbou en droë vrugte gemaak is,[289] sou slawe na alle waarskynlikheid van dié produkte as aanvulling tot hulle dieet ontvang het. Tydens die moordverhoor op 15 Maart 1825 van 13 Bokkeveldse slawe, het fiskaal M. Denyssen aangevoer dat die slaaf Galant nie oor die voorsiening in sy voeselbehoeftes kon kla nie, aangesien dit "– het uitdeelen van wijn in den oogstijd, – meerder brood , dan hij of de andere slaven konden verteren, tweemaal daags soep met erwten of meel en eenig vleesch –" behels het.[290]

Uit voorafgaande bespreking van die voedsel van die onderskeie slawegroepe blyk dit dat veral vis, rys en die afval van vee gemeenskaplike elemente in die slawe se dieet aan die Kaap was. Hierdie drie voedselsoorte het inderdaad 'n belangrike invloed op die Kaapse en breër Suid-Afrikaanse koskultuur uitgeoefen. Vandag neem geregte, soos onder meer bokkoms, smoorsnoek, snoeksambal, breyani, haksel en kerrie-afval wat hulle wortels in die slawekos van die vroeë Kaap gehad het, 'n onvervreembare plek in die Suid-Afrikaanse tradisionele koskultuur in. In dié verband het veral die Oosterse slawe 'n belangrike rol in die vestiging van 'n eie Kaapse kooktradisie gespeel.

### *3. Kleding*

Wat kleding betref, was daar 'n opmerklike verskil tussen die onderskeie slawegroepe aan die Kaap. Wat die Kompanjieslawe betref, was die kleding van slawe veral in die gure Kaapse winters, wat 'n hoë siekte- en sterftesyfer tot gevolg gehad het, 'n belangrike prioriteit aangesien siek en afgestorwe slawe 'n verlies aan arbeid en eiendom vir die besparingsbewuste Kompanjie beteken het. Die kleding van slawe het die Kompanjie egter veral hoofbrekens besorg. Dit was duur [291] en geen plaaslik vervaardigde materiale was beskikbaar vir die maak

[283] H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 100 - 101.

[284] A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), pp. 92 en 233.

[285] O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 206.

[286] R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 207.

[287] H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 45 en 65.

[288] *Ibid.*, p. 222.

[289] H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa made in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 68, 69, 72, 85, 91, 114, 119, 140, 160, 170 en 182; *Ibid. II*, p. 203.

[290] M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 334.

[291] C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, pp. 144.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van slaweklere nie, soos Mentzel tydens die eerste helfte van die agtiende eeu tereg opgemerk het: "… up to the present no spinning or weaving is done." [292] Los geweefde wolstowwe vir wintersklere, Oos-Indiese katoen,[293] Negerlap of Bengaalse fotas, Japanse gestreepte wolstof, St. Thomas-materiaal,[294] growwe "pijlaken" vir broeke, Kersey, 'n linne en wolmengsel,[295] growwe sis en rou linne [296] moes ten duurste na die Kaap ingevoer word om in die kleredragbehoeftes van slawe te voorsien.

Aanvanklik het die Kompanjieslawe elk jaarliks 'n nuwe stel klere gekry. Die kleredrag vir slawemans is deur die kleremakers van die garnisoen gemaak en het 'n nousluitende doeblet of wambuis en broek van growwe wit wolstof met swart strepe wat binne met katoen gevoer is, behels. Op die doeblet was twaalf koper knope. Die slavinne het ingevoerde growwe katoenoorrokke uit Batavia gedra, terwyl hulle ook lap vir 'n kopdoek ontvang het. In 'n stadium het 'n Franse vlugteling hoede van Kaapse wol vir die Kompanjieslawe gemaak, terwyl ander entrepeneurs lang sokkies en handskoene vir die slawe gebrei het. Hierdie wankelende industrieë het in die vroeë agtiende eeu tot niet gegaan.[297]

Alhoewel slawekleredrag 'n aansienlike bedrag van die Kompanjiesbegroting vir slawe-onderhoud behels het, was dit ontoereikend.[298] Op aanbeveling van kommissaris Aernout van Overbeeck het die Politieke Raad in 1672 besluit dat die Kompanjieslawe voortaan twee stelle klere per jaar sou ontvang.[299] Dit het egter nie gerealiseer nie en op 15 Maart 1680 is op aanbeveling van Simon van der Stel weereens 'n besluit geneem ingevolge waarvan slawe voortaan,

> … in dit ongestadige Caapse climaat ten minste tweemael 's jaers van klederen behoorde te werden, versien, alsoo dickmaels nat geworden sijnde, genootsaackt zijnde haer kleederen aen 't lijff te laaten droogen, waer door dan veeltijts in groote sieckte comen te vervallen en veel coomen te sneuvelen en waar bij d' Compe. dan merckelijcke schaade comt te lyden en groote ondienst geschiet; ten welcke opsichte is goet gevonden en verstaen 'Comps. slaven voortaen tweemaal 's jaars kleederen te geven.[300]

Ten spyte van voorafgaande besluit het kommissaris Van Rheede tydens sy besoek in 1685 vasgestel dat die slawe steeds slegs een keer per jaar klere ontvang het, terwyl die toestand waarin dié klere was hom ontstel het. Die slavinne was in vodde en die kinders in

---

292 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 159.

293 *Ibid. III*, pp. 156 en 159.

294 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1662 - 1670, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 40 en 61.

295 S.D. Naudé (red.), *Kaapse Plakkaatboek III*, p. 80.

296 V. de Kock, *Those in bondage*, pp. 39 - 40.

297 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 169; *Ibid. II*, p. 124.

298 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1662 - 1670, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 61; *Ibid.*, p. 319; H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1671 - 1674 and 1676, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 49; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 77.

299 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 77.

300 *Ibid.*, p. 324.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mansonderhemde van die soldate en matrose geklee.[301] Sy aanbevelings aan Simon van der Stel ten opsigte van slaweklere het onder meer die verskaffing van somer-, sowel as winterdrag vir die slawe behels. Die somerdrag van die mans sou uit 'n baadjie van eenvoudige gingang of soortgelyke materiaal en 'n broek bestaan, terwyl hulle in die winter 'n pybaadjie met seildoekvoering en twee seildoekbroeke sou ontvang. Die toekenning van die vrouens se somersdrag sou twee "cleetjens" en twee "baaijtens" behels en die wintersdrag twee "cleedjes", twee "baijtjes" en 'n ongevoerde "rock" van pylaken.[302] Die probleem met slawekleredrag sou egter telkens opduik. In 1716 het die Politieke Raad opgemerk dat die slawe, ten spyte van die verskaffing van twee stelle klere per jaar, steeds in flenterklere rondgeloop het.[303] Die blaam is op die slordigheid en tydsaamheid van die soldate wat verplig was om as kleremakers diens te verrig, geplaas. Die swak gemaakte klere het ook ongemaklik gedra. As oplossing vir die probleem sou slaweklere voortaan uit Nederland ingevoer word. Dié ingevoerde duffelse baadjies en pybroeke sou sterker en goedkoper wees en ook betyds afgelewer kon word.[304] In April 1723 is besluit om slawekleredrag na slegs een uitrusting per jaar in te kort, aangesien die Kompanjieslawe hulle klere "ten eersten verquanzelen, en liever verzuipen, dan dat zy ordentlyk zouden gekleed gaan",[305] aldus Kolbe. In die dertigerjare van die agtiende eeu het Mentzel Kolbe se waarneming bevestig:

> The other male slaves wear a coarse close-fitting woollen doublet and trousers – I mean that they receive such an outfit from the Company once a year, but the majority of them are so depraved and besotted that they sell this rig-out almost as soon as they get it, and go about all the year round in the filthiest rags imaginable.[306]

Soos reeds vermeld, is die klere gewoonlik vir sterk drank of geld verruil. Dit was veral die verkoop van klere vir sterk drank wat die owerheid genoop het om streng op te tree. Nadat opgemerk is dat soldate, matrose, vryburgers en ander bediendes in die nuwe hemde wat as Kompanjieslawekleredrag moes dien, rondloop, is dié probleem deur wetgewing aangespreek. Die eerste plakkaat in dié verband is op 16 Desember 1677 uitgevaardig en het onder meer melding gemaak van die slawe wat hulle hemde vir 'n handvol rys of tabak verruil het. Hierdie misbruik het tot groot verliese vir die Kompanjie aanleiding gegee en swaar strawwe is vir die kopers van sodanige produkte in die plakkaat voorgehou.[307] Enige persoon wat sterk drank aan slawe sou verkoop, was onder meer met 150 riksdaalders strafbaar.[308] 'n Plakkaat van 5 Julie 1700 het 'n totale verbod op die aankope van items van slawe geplaas, terwyl dié verbod in 'n resolusie van 23 April 1709 herhaal en alle inwoners weereens belet is "omme ... van geen Comps. lijfeigenen eenig goed aan deselve tot goede maanden uijtgereikt, of te koopen,

---

301 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, pp. 183 - 184.

302 *Ibid.*, pp. 194 - 195.

303 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 66; D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman,* D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 430.

304 G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 66; V. de Kock, *Those in bondage*, p. 41.

305 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 396.

306 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, II*, p. 124.

307 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 217 - 218; K.M. Jeffreys (red.), *Kaapse Plakkaatboek I*, pp. 148 - 149.

308 K.A.B.: C. 1888: Origineel Dagregister, Januarie 1685.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

of op eenige wijse van haar te verhandelen".[309] Die aanvanklike plakkaat is op 24 September 1715 nogmaals uitgevaardig.[310] Voornemende oortreders is weereens met besonder swaar strawwe gedreig. Hierdie swartmarkbedryf in goedere en klere waarby slawe betrokke was, sou tot die einde van die VOC-regering aan die Kaap voortduur.[311] Die probleem kan heelwaarskynlik aan die hand van die feit verklaar word dat sommige slawe wat daaraan gewoond was om in hulle vaderland naak te loop, klere vreemd en hinderlik gevind het [312] en dat drank tydelike ontvlugting van 'n ellendige bestaan gebied het. Van die meer ambisieuse Kompanjieslawe het wel op Sondae 'n inkomstetjie verdien waarmee hulle beter klere gekoop het. Die beter klere van sommige slawe was te danke aan die geld wat hulle "vrouens" deur prostitusie van soldate en matrose verdien het.[313] Tydens die Britse bewind het daar 'n aanpassing in die slawekleredrag gekom. Die kortbroeke is met langbroeke vervang, terwyl elke slaaf ook van 'n hoed voorsien is.[314] Daarbenewens het die slavinne meer linne vir klere ontvang.[315]

Uit voorafgaande bespreking blyk dit dat kleredrag van Kompanjieslawe 'n netelige kwessie was. Die blaam vir die slegte kleding van die Kompanjieslawe kan nie net op die Kompanjie geplaas word nie. Vir baie Kompanjieslawe was klere nie juis 'n prioriteit nie en ondergeskik aan ander behoeftes soos drank, tabak en voedsel en is klere verruil of verkoop vir geld om in dié behoeftes te voorsien. Onvoldoende klere in 'n gure klimaat het tot siektes en sterftes en gevolglike verliese vir die Kompanjie gelei. Die ernstige pogings wat die owerhede aangewend het om deur wetgewing die probleem aan te spreek, kon egter geen blywende oplossing teweeg bring nie. Daarom het die Kompanjieslawe se klere meesal meer gehawend as die van die dorpslawe in privaatbesit daar uitgesien.

Die kleredrag van die dorpslawe in privaatbesit was gewoonlik 'n weerspieëling van die welvaart en status van die eienaar. Die kleredrag van slavinne in besit van sommige Kapenaars het goed vergelyk met dié van die vooraanstaande modebewuste Kaapstadse dames, aangesien "hier de nieuwste mode zeer sterk gezocht (wordt), zoodat de slavinne van sommige Kapenaars even prachtig gekleed gaan, als de eerste dames der stad", aldus Teenstra.[316]

Sommige Kaapstadse slavinne was in die "afgedragen ... kleederen ... van kostbare stoffen" geklee.[317] Die halfslag huisslavinne in die Kaapstadse privaathuishoudings was van die bes geklede slawe, aangesien die eienaresse trots was op veral die welgeklede persoonlike slavinne wat hulle op kuier- en kerkbesoeke vergesel het [318] en hulle status en welwaart grootliks daardeur weerspieël is. In die vroeë negentiende eeu het die mooi kleredrag van die bevoorregte Kaapsgebore slavinne, wat uit verbintenisse tussen slavinne en Europeërmans gebore is, Samuel Hudson opgeval: "These Cape born Slaves are the confidential Servants of

---

309 K.A.B.: C. 2273: Origineel Placcaatboek, 5 Julie 1700; A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 372 - 373; *Ibid. IV*, pp. 97 - 98.

310 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 460.

311 D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 432.

312 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 396.

313 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, II*, p. 124.

314 K.A.B.: BR. 33: Bijlagen tot Resolutiën, 1803-03-09.


315 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, p. 28.

316 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 370.

317 *Loc. cit.*

318 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 228.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 27:** 'n Livreislaaf van juffrou Van Kerwel met gepoeierde pruik.
Uit: D.H. Strutt, *Fashion in South Africa 1652 - 1900* (Kaapstad, 1975), p. 82.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

the family and many of them dress equally gay with their Mistresses ..." [319] Hy gee dan ook die rede vir die mooi kleredrag: "They are generally in pay of some resident who furnishes them with their finery which creates no enquiry from their Superiors how they procure these things." [320]

Sommige Kaapstadse slawe was soms heel deftig in 'n netjiese kort blou baadjie van lakenstof, 'n ligte onderbaadjie en 'n los blou broek uitgevat. As hoofbedekking het sodanige slaaf òf 'n growwe hoed òf 'n tulband gedra. Om sy nek was 'n losserig-gebinde blou of rooi halsdoek wat by die oop kraag uitgesteek het. Sekere windmaker slawe het selfs oorringe, 'n rooi skaaf om die nek en volstruisvere in die hoed gedra. "He is lifted above the ground, and has totally forgotten that he is a slave", aldus Semple. [321] Hudson se beskrywing van 'n privaatslaaf se kleredrag stem in 'n groot mate ooreen met dié van Semple, behalwe dat hy bykomend melding maak van die jong slafies se kleredrag wat uit growwe Indiese geruite katoen of geel Nanking-katoen bestaan het.[322] Volgens 'n beskrywing wat Thunberg in die agtiende eeu van die hoofbedekking en die haarmodes van die mans- en vroueslawe van Oosterse afkoms gegee het, het die mans 'n gedraaide doek soos 'n tulband gedra, terwyl die vroue hulle hare opgevleg en met 'n groot haarnaald of "tusok konde"op die kop vasgesteek het. [323] Geamuseer deur die hoofbedekkings van die Oosterse slawe aan die Kaap, het Teenstra dit in die eerste helfte van die negentiende eeu as volg beskryf: "zij dragen geen 'doek om den hals maar over het hoofd, waarop zij een spits toeloopen van den stroo gemaakten hoed dragen, (toerang of toedang) het welk een zeer vreemd gezigt voor de nieuws aangekomenen oplevert." [324] Slawebediendes van die hoër amptenary het gepoeierde pruike gedra **(Fig. 27)**. Weens die pronkerige en oordadige kleredrag wat plek-plek onder slawe kop uitgesteek het, is slavinne ingevolge 'n plakkaat van 12 November 1765 verbied om gekleurde syrokke, krinolines, fyn kant, versierings op hoede, gekrulde hare of selfs oorringe te dra.[325] Uitsonderings is wel ten opsigte van huweliks- en kerkdae gemaak.

'n Aanduiding van slawekleredrag in 'n gegoede, 18de eeuse Kaapstadse burgerhuishouding is in die *Dagboek en Memoriaal* van Joachim van Dessin te vinde. Met sy opname in die Von Dessin-huishouding is die slaaf Isak met "1 blaauw Cursaij rok, 1d° broek, 1 leere broek, twee blaauwe hembden, 2 neusdoeken" toegerus. Die slavin, Hagar, het dieselfde ontvang, maar haar bloese was wit en sy het daarbenewens ook "... een chitse rok en d° jak" ontvang. Jason het dieselfde as Isak ontvang en is bykomend met "1 p$^{r}$ hembsknoopen, 2 kammen, 1 nieuwe hoed", sowel as 'n ekstra sakdoek en 'n robvel toegerus. Die slaaf December het "1 roode baaije overslag baatje" ontvang. Hieruit is af te lei dat die agt slawemans "roode cursaij baatjies" met 'n "overslag" in 'n ander kleur gedra het, terwyl party ook in 'n "blaauw Cursaij sluitjas" met koper knope geklee was. Die slavinne was voorts uitgerus met wit hemde, "gestreepte baaie rokke" en "blaauw gebloemde jakke".[326] In die eerste helfte van die negentiende eeu het Teenstra 'n volledige beskrywing van die kleredrag van 'n privaatslaaf in 'n minder gegoede huishouding gegee. Volgens hom was dit "zeer eenvoudig ... eene

---

319 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 52.

320 *Loc. cit.*

321 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope*, pp. 38 - 39.

322 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 60.

323 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 26.

324 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 110.

325 K.A.B.: C. 2284: Origineel Placcaatboek, 1765-11-12.

326 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, pp. 63 - 64.



**Figuur 28:** Kaalvoete – 'n aanduiding van slawestatus aan die Kaap, volgens 'n waterverftekening deur die amateurkunstenaar Charles Bisset (1816 - 1900?).

Uit: R.F. Kennedy (samesteller), *Catalogue of pictures in the Africana Museum I* (Johannesburg, 1966), p. 187.



**Figuur 29:** Kaptein Hendrik Peter Storm, bevelvoerder van die Kaapse garnisoen met sy gesin en slawelyfbediendes in livreidrag, maar sonder skoene, volgens 'n olieverfskildery van ongeveer 1760 in die Stellenbosch Museum.

Uit: A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana* (Kaapstad, 1975), p.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

lange broek en een kort baantjie dekt verder hun ligchaam, de eerste veelal bruin van kleur en van schaapsleder vervaardigd ..." [327] **Figuur 27** en **29** gee 'n aanduiding van hoe sommige stedelike slawe in diens van die hoë Kaapse amptenary geklee was.

'n Interessante verskynsel ten opsigte van slawekleredrag aan die Kaap, was die afwesigheid van skoene **(Fig. 28 en 29)**. Volgens Mentzel was die huisslawe skoon en netjies aangetrek, maar is nie toegelaat om skoene te dra nie, aangesien "[t]he bare foot is the mark of the slave. Hence, at the Cape, unlike in ancient Rome the shoe, not the cap is the mark of freedom".[328] In die negentiende eeu het Teenstra hierdie waarneming bevestig: "sij [de slaven] hebben geen van allen kousen of schoenen aan, maar loopen barre voets, waardoor hunne tenen ver van elkander verwijderd staan, op welke zich leelijke, gescheurde en bebloede nagels bevinden." [329] Thunberg,[330] George Forster [331] sowel as Hudson [332] het dieselfde waarneming aangeteken, terwyl Semple tydens die Eerste Britse Besetting weereens hierdie gegewe bevestig: " ... but he [the slave] is in general without either shoes or Stockings." [333]

Wat die kleredrag van die akkerbouslawe betref, was hulle beslis slegter daaraan toe as die stedelike slawe. "The field slaves belonging to the farmers are not, however, nearly so well treated as those of the town ... [334] Those ... who live in the town are in general well fed, well clothed ...", [335] aldus Barrow. Daar was egter tog gevalle waar meer vermoënde boere beter klere aan hulle slawe verskaf het. In 'n memoriaal van uitgawes wat in 1789 deur Johannes Colijn, eienaar van Hoop op Constantia, aan die Heeren XVII as protes teen gedwonge goedkoop wynverkope voorgelê is, het hy van sy uitgawes aan slawekleredrag melding gemaak. Materiale wat aangekoop is om in sy slawe se kleredragbehoeftes te voorsien, was onder meer nege stukke kursaailap, twintig stukke bafta-materiaal en twingtig stukke "boelang". Ou klere moes op 'n gereelde basis vervang word en die maakloon van die slaweklere was volgens hom 'n bykomende uitgawe wat nie in die lys van uitgawes vervat is nie.[336] In 1782 het J. van Reenen toestemming versoek om skoene en hoede vir sy slawe in te voer.[337] In sommige gevalle is plaasslawe van tweedehandse klere voorsien wat hulle minder gegoede eienaars tydens besoeke aan Kaapstad bekom het.[338]

Alhoewel eienaars op binnelandse plase moreel en wetlik verplig was om hulle slawe van klere te voorsien, het sommige slawe wat stukkies grond kon bewerk, die opbrengs verkoop en van dié geld vir hulle klere en ander lewensmiddele gekoop. Dit was inderdaad die geval met van die vakleerlingslawe op die plaas van Isaac van der Merwe in die Worcester-distrik. Volgens een van die vakleerlinge het sy tuintjie jaarliks 'n bedrag van 40 riksdaalders ingebring

---

327 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 110.

328 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 112.

329 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 110.

330 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 26 en 35.

331 G. Forster, *A voyage round the world in His Brittanic Majesty's Sloop I*, p. 73.

332 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 52.

333 R. Semple, *Walks and sketches at the Cape of Good Hope,* p. 38.

334 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 109.

335 *Ibid. I*, pp. 43 - 44.

336 H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, pp. 320 - 326.

337 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 49.

338 N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa,* p. 92.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarmee hy sy eie klere kon koop, terwyl 'n ander vakleerlingslaaf seep, gare en klere van die 20 riksdaalders wat hy jaarliks uit sy opbrengs verdien het, gekoop het.[339]

Tydens die Eerste Britse Besetting was die plaasslawe bra swak geklee.[340] Vel, sowel as leer het 'n belangrike rol in die kleredrag van slawe op die afgeleë plase gespeel. Genoeg leer is gelooi en gebrei om in die kleredragbehoeftes van die boeregesin, sowel as die slawe te voorsien.[341] Skaapsleer is as kleding gebruik,[342] terwyl skaapvel as beddegoed vir die slawe gedien het.[343] Die velskoene van beide meester en slaaf was van beesleer gemaak.[344] Volgens Percival het die boere en hulle slawe hulle klere en skoene self gemaak, "which they do in a very unskilful and bungling manner".[345] Op 15 Maart 1825 het die Bokkeveldse slaaf Abel, tydens sy verhoor as medepligtige aan opstand en moord, aangevoer dat sy eienaar, B.P. van der Merwe, hom nie na behore versorg het nie, want "mijn baas heeft mij altijd slecht van kleederen voorzien".[346] In die meer gegoede huishoudings het die slawe ietwat beter geklee gegaan, soos blyk uit die kasboekie van Johanna Duminy van die Overbergse plaas, Bokrivier. Hierdie kasboekie toon dat daar oor 'n tydperk van vier jaar deurlopend vir slawekleredrag voorsiening gemaak is, terwyl dit ook 'n aanduiding gee van die soorte lap wat vir slawekleredrag gebruik is:

- Jan. 1791: 4 stukke blouwe bafte voor de slaaven tot hemden: Rds.14.
- Jan. 1791: estraa uyfgaf voorde kinderen en voursisse en linnen voor de mijden, Rds. 40.
- Jan. 1792: Uytgaf voor de slaaven tot kleeren, Rds. 80.
- Maart 1793 : een stuk semoues tot rokken voor de mijden, Rds. 15.
- Julie 1793 : voor rode baij voor vilip en moosis, Rds. 11.
- Julie 1793 : een stuk pij tot kleeren voor de slaaven, Rds. 25.
- Aug. 1793 : cnoopen tot slaaven kleeren, Rds. 12.
- Des. 1793 : voursissen voor de mijden tot kleeren, Rds. 14.
- Maart 1793 : baaij tot rokken voor de slaaven kinderen, Rds. 3.
- Maart 1794 : baaij tot luijers voor de mijden, Rds. 1.
- Nov. 1794 : 2 stukken blauwe bafta voor de slaven, Rds. 10.
- Jan. 1795 : aan M. hennin voor vourin [voering] vellen voor de slaaven, Rds. 30. [347]

Uit voorgaande bespreking van slawekleredrag is af te lei dat daar 'n merkbare onderskeid tussen die verskillende slawegroepe was met die stedelike slawe wat die beste daaraan toe was en die Kompanjieslawe, die plaasslawe van die akkerbougebied, sowel as die afgeleë binneland wat, met sekere uitsonderings baie beskeie en selfs skamel geklee was. Dit blyk ook dat die

339 K.A.B.: SO. 6/132: Register of Slaves, Worcester, 1835 - 36; K.A.B.: 1/ WOC. 19/26: Criminal Record Book, special magistrate, Worcester, 1835 - 36.

340 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 292.

341 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806*, pp. 91 en 154.

342 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 117; *Ibid. II*, p. 294; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 243 - 244.

343 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope, III*, p. 90.

344 *Ibid. III*, p. 202.

345 R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, p. 216.

346 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 323.

347 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, pp. 335 - 336, 339 - 342, 348 en 350.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

welvaart en ego van die privaateienaar, veral in stedelike gebied, 'n positiewe rol in die kleding van slawe gespeel het.

*4. Medies*

Die gesondheid van slawe was 'n belangrike prioriteit by beide die Kompanjie en privaateienaars, aangesien ongesteldheid en die sterfte van slawe tot produksie- en finansiële verlies kon lei. Om mediese koste en arbeidsverlies te beperk, het die besparingsbewuste Kompanjie bepaalde voorkomingsmaatreëls ten opsigte van die gesondheid van sy slawe getref. Nadat by geleentheid bevind is dat houthalerslawe selfs in die winter deur die Soutrivier moes swem om hout in te samel en as sodanig aan verdrinking en siekte blootgestel was, is besluit dat brandhout voortaan elders ingesamel moes word.[348]

Siek Kompanjieslawe is aanvanklik in die Kompanjieshospitaal verpleeg waar geen onderskeid tussen siek slawe en ander pasiënte getref is nie.[349] Tydens sy inspeksie van die slawelosie in 1685 het kommissaris Van Rheede bevind dat siek slawe binne die losie nie na behore versorg is nie en dat "met geen meerder gemak lagen als beesten". [350] In dieselfde jaar het die Kaapse owerhede 'n versoek aan die kommissie wat toestande in die slawelosie moes ondersoek, gerig om "... in achting [te neem] of geen bequaam en commodieus appartement voor de siecken en kranken int Voorss: huijs souden connen werden geordonneert".[351] 'n Geskikte plek vir die versorging van siekes is toe wel aan die oostekant van die losie deur die opper-chirurgyn geïdentifiseer. 'n Dwarsmuur sou die toekomstige slawehospitaal van die res van die losie skei.[352]

Vaste prosedures in die versorging van siek slawe moes gevolg word. 'n Verslag oor elke siek slaaf is daagliks aan kaptein Cruse gestuur om "... alle onagtsaamheijd ende versuijm die omtrent de Voors: kranken conde ofte mogton werden begaan ..." uit te skakel.[353] Daar is ook besluit om melaatse slawe uit die losie na 'n huisie langs die pakhuis op die strand te verskuif.[354] Die inwonende slawegeneesheer was 'n Kompanjieamptenaar wat alle verantwoordelikheid met betrekking tot siek slawe moes dra.[355] In 1805 is bevind dat die pligsversuim van die geneesheer van slawe, Thiele, wat aan drank verslaaf was, tot die agteruitgang van die losiehospitaal gelei het. Volgens die losieopsigter en -direkteur Höhne, het Thiele se verslawing tot die "... onnauwkeurige waarneemen van den geneeskundigen dienst by de zieken in de Loge" gelei .[356] 'n Bekwame "gesondheidsoffisier" het vir agtien maande lank in die plek van Thiele waargeneem, waarna hy wat Thiele was op voorwaarde van rehabilitasie weer as geneesheer van slawe in die losiehospitaal aangestel is. Dit het nie

---

348 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 220 en 324; G.C. de Wet (red.), Resolusies van die Politieke Raad V, 1716 - 1719, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 195.

349 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad II, 1670 - 1680, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 202.

350 A. Hulshof (red.), H.A. van Reede tot Drakenstein, journaal van zijn verblijf aan de Kaap, 1685, *Bijdragen en Mededeelingen van het Historisch Genootschap Utrecht* 62, 1941, p. 184.

351 K.A.B.: C. 1888: Origineel Dagregister, 1685-06-11.

352 *Loc. cit.*

353 *Ibid.*, p. 122.

354 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, p. 36.

355 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 33.

356 K.A.B.: BR. 12: Copij Resolutiën, 1805; Uittreksel uit memorandum van G. Beelaerts van Blokland aan die Politieke Raad, 1805-07-31.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

veel beter gegaan nie, want in 1806 tydens die Tweede Britse Besetting, het die nuutaangestelde dr. Dunlop, wat by Thiele oorgeneem het, aan die owerhede berig dat "... the state of the sick appears in the extreme wretched, the bedding is totally gone to mere rubbish, and the post allotted for the hospital extremely dirty".[357] Dunlop was 'n bekwame geneesheer wat ook na die welsyn van slawe wat by die onderskeie Kompanjieswerkplase woonagtig was, moes omsien. As sulks het hy die verhoging van sy salaris tot 77 riksdaalders wat deur luitenant-generaal Grey, bevelvoerder van die militêre magte, aan hom toegestaan is, verdien.[358] Soos afgelei kan word, was die geneesheer in beheer van die slawehospitaal gewoonlik 'n militêre amptenaar. Op 1 Julie 1813 is Dunlop deur W.H. Lys as geneesheer van slawe opgevolg,[359] terwyl R. Spencer in 1817 waargeneem het. Dr. Lys is in 1819 heraangestel en het die pos tot 1827 behou.[360] In 1826 het die waarnemende goewerneur, generaal-majoor Richard Bourke, aanbeveel dat die slawelosie voortaan as 'n welsynshospitaal vir siek en bejaarde slawe aangewend word.[361] In 1828 het die losie inderdaad die *Hospital for Infirm Government Slaves and Government Apprentices* geword.[362] In 1826 was die salaris van die geneesheer vir die *Hospital for Infirm Slaves* 40 pond per jaar, terwyl die salaris van die direkteur 130 pond per jaar was. In dié tyd het die voedsel van die slawe onder meer brood, vleis en rys ingesluit.[363]

Alhoewel die slawehospitaal onder die Britse bewind goeie vooruitgang gemaak het,[364] is daar tydens die Kompanjiesbeheer tog pogings aangewend om die lot van siek Kompanjieslawe te verbeter. In 1687 sowel as in 1715 is verpleegpersoneel vermeerder.[365] 'n Opdrag is ook uitgereik dat siek slawe genoeg voedsel moes kry. In 1709 is opdrag gegee dat 'n kooksel van 30 pond skaapvleis, sowel as rys daagliks vir die 70 slawe wat weens 'n aansteeklike siekte ongesteld was, voorberei moes word.[366]

Die omstandighede in die slawelosie was bevorderlik vir die uitbreek en vinnige verspreiding van aansteeklike siektes.[367] In 1713 is die besmette klere van die kinders van kommissaris Joan van Steelandt en matrose wat tydens die seereis, pokke aan boord van 'n Indiese skip opgedoen het, deur slavinne in die losie gewas.[368] Die slavinne het die siekte eerste opgedoen, waarna dit met rasse skrede onder die ander losieslawe versprei het. Dié pokke-epidemie het die lewens van gemiddeld sewe Kompanjieslawe per dag geëis.[369] Op 26 April 1713 is aangeteken dat "... de siekte neemt God beetert gantsch nog niet af ..." en dat 70

---

357 K.A.B.: CO. 1, letter no. 132: Letters received from Slave Lodge, 1806-09-28.

358 K.A.B.: CO. 45, letter no. 78: Letters received from Orphan Chamber; Höhne aan Reijneck, 1813-07-03.

359 G.M. Theal (red.), *Records of the Cape Colony XIX*, p. 57; P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898: a medical and social study*, p. 236.

360 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898*, p. 236.

361 *Ibid.*, p. 236.

362 *Loc. cit.*

363 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898*, p. 236.

364 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, p. 37.

365 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad III, 1681 - 1707, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, pp. 174 en 485.

366 A.J. Böeseken (red.), Resolusies van die Politieke Raad IV, 1707 - 1715, *Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, p. 98; H.C.V. Leibbrandt (red.), Journal, 1699 - 1732, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 188.

367 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 397.

368 F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, p. 218.

369 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, pp. 24 - 25.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kompanjieslawe reeds daaraan dood is.[370] Die epidemie het tot sover as Hottentots-Holland, Drakenstein en Stellenbosch versprei en tot groot verlies en droefheid in die nedersetting gelei. Nadat ongeveer 200 Kompanjieslawe in die epidemie omgekom het, het dit teen Junie 1713 begin afneem.[371]

Die barbiers wat soms ook die amp van arts of chirurgyn moes beklee, het tydens die pokke-epidemie op vrywillige basis en sonder salaris na die welsyn van die siek slawe in die losie omgesien. Hulle het hulleself volgens Kolbe "dapper gequeten, en haar plicht getrouw waargenomen, wel wetende, dat en haar ampt, en de Christelyke liefde beide van hen eischten, hunnen elendigen en doodlydenden evennaasten in alle billyke zaken by te staan, en de behulpzame hand te bieden".[372] Hierdie barbiers was met raad en daad behulpsaam en het die siek slawe onder meer onverwyld uit die losie na die blanke hospitaal gebring, waar hulle voedsame kos en die bes moontlike mediese sorg kon ontvang.[373]

Aan die begin van die winter van 1755 het die tweede groot pokke-epidemie, wat deur 'n Ceylonse retoervloot na die Kaap oorgedra is, uitgebreek.[374] Die Kaapse owerhede was egter beter op dié krisis voorbereid. Nadat 180 Kompanjieslawe in die losie op 7 Julie 1755 reeds siek was aan die pokke, het die owerhede die geneeshere opdrag gegee om onverwyld na die omstandighede waarbinne siek slawe hulleself in die losie bevind het, om te sien en vas te stel wat gedoen kan word om die epidemie te bestry en hoe die siek slawe behandel moes word.[375] Hieropvolgend is met sorg na die betrokke slawe omgesien. Hulle is in gerieflike, goed geventileerde vertrekke gehuisves, deur slawe wat reeds pokke gehad het verpleeg,[376] terwyl hulle klere deeglik ontsmet en gereeld gewas is.[377] Weens al dié voorsorgmaatreëls was die verlies van Kompanjieslawe minder as tydens die pokke-epidemie van 1713. Die derde pokke-epidemie van 1767 is nog meer effektief bestry, sodat slegs 251 van die totale aantal slawe aan die Kaap daaraan gesterf het.[378] In 1812 is 'n pokke-epidemie weereens deur 'n Portugese slawevaarder met 'n vol vrag na die Kaap oorgedra. Dié epidemie was net tot slawe en een of twee Europese kinders beperk. Van die gevalle wat op 21 Maart 1812 bekend was, is slegs sewe in Kaapstad verpleeg, terwyl die ander gevalle na Paardeneiland verskuif is. Die epidemie was nie baie ernstig nie en geen sterftes is aangemeld nie.[379]

Wat die geneeskundige versorging van dorpslawe in privaatbesit betref, is daar aanduidings dat eienaars uit morele, maar oorwegend uit monitêre oorwegings, goed na hulle slawe omgesien het. 'n Siek slaaf in die huishouding het groot konsternasie veroorsaak en dringende en ernstige pogings is aangewend om sy spoedige herstel te bewerkstellig. Volgens Teenstra het die Kapenaars erken dat hulle hulle slawe goed versorg, "omdat onze private belangen er mede gepaard gaan".[380] Daarom het die eienaars in geval van 'n siek slaaf "de uiterste

---

370 K.A.B.: VC. 20: Dagregister, 1713-04-26.

371 K.A.B.: VC. 20: Dagregister, 1713-08-26.

372 P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 397.

373 *Loc. cit.*

374 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898*, p. 55.

375 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 140; P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898*, p. 56.

376 K.A.B.: VC. 27: Dagregister, 1755-07-07.

377 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 140.

378 O. Geyser, *Die ou Hooggeregshofgebou*, p. 25.

379 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898*, p. 114.

380 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 312.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

pogingen doen aanwenden, om hem te doen herstellen",[381] terwyl die outeur van *Gleanings in Africa* die impak van 'n siek slaaf op die huishouding as volg verwoord het: "When a fit of sickness seizes the slave, the whole house become alarmed." [382] Thunberg het tewens opgemerk dat slawe in privaatbesit beter behandeling as blanke werknemers van die Kompanjie ontvang het: "The owner not only takes care that they are clothed and fed, but likewise, when they are sick, that they are well nursed and have proper medical Attendance." [383]

Die afsterf van 'n slaaf was 'n groot verlies vir die eienaar,[384] terwyl slawe wat afgeleef, lam, gestremd of blind geword het, 'n swaar las vir die betrokke eienaars was. Dit is dus te verstane dat slawe-eienaars die mediese versorging van hulle slawe ernstig opgeneem het. In die lig hiervan is dieselfde geneesheer wat na die eienaar en sy familie se welsyn moes omsien, ook na die siek slaaf uitgeroep.[385] Tydens die pokke-epidemie van 1755 het Joachim von Dessin sy siek slawe deur Jan de Timmerman laat behandel. Toe sy "slavekind Johanna" op 20 Julie 1755 die eerste simptome van pokke begin toon, het hy haar onverwyld na Jan de Timmerman gestuur "volgens de met hem bevoorens genoomende afspraak toegesonden ten eijnde aldaar behoorlijk gade geslagen en soo wanneer de pokjes haar mogten bijkoomen, behoorlijk gecureert te werden".[386] Vir haar siekverblyf by die geneesheer het Von Dessin 'n katel met gedraaide pote, 'n bulsak, 'n wit kombers en 'n paar kussings saamgestuur. Die slavin Alida is veiligheidshalwe alreeds op 2 Julie daarheen gestuur. Op 25 Julie het Von Dessin ook sy slawekinders Hester, Willem en Pieter na Jan de Timmerman gestuur, aangesien hulle ook kort voor lank deur die pokke aangetas sou word.[387] Sy slawejongetjie, Pieter, het dit egter nie oorleef nie, terwyl Alida, Hester, Johanna "van de pokjes, God dank zijn genesen en herstelt".[388]

Om die pokke-epidemie hok te slaan, is een of meer huise gereserveer waarin die siek slawe van privaateienaars deur 'n aangestelde chirurgyn behandel is. Eienaars moes 16 stuivers per dag vir die behandeling van elke slaaf betaal, terwyl enige persoon wat in gebreke gebly het om 'n pokke-geval by die chirurgyn van die behandelingshuise te rapporteer, met 200 riksdaalders beboet is. Slawe wat aan die pokke gesterf het, moes binne 24 uur in die klere waarin hulle dood is, begrawe word.[389] Danksy die streng maatreëls wat in 1812 ingestel is om die verspreiding van die pokke-epidemie, wat deur die reeds vermelde Portugese slawevaarder na die Kaap oorgedra is, hok te slaan, was die siekte slegs tot slawe beperk en was daar geen ongevalle nie. Maatreëls het onder meer behels dat 'n vlag bokant die voordeur van die geïnfekteerde huis gehang moes word, elke pokkegeval by die fiskaal of die openbare aanklaer aangemeld word, terwyl kontak tussen siekes en gesondes streng verbied is. Kontakgevalle moes wit bande om die arms dra. Slegs diegene wat reeds pokke gehad en dus immuun was, kon op straat verskyn. Huis-tot-huis inentings is gedoen. Elke pokke-pasiënt moes deur 'n dokter behandel word, huise moes goed geventileer wees, pasiënte moes hulle van vleis en

---

381 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 398.

382 *Gleanings in Africa*, p. 66.

383 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 152.

384 O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 90

385 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 312.

386 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1940 I, p. 62.

387 *Loc. cit.*

388 *Ibid.*, p. 63.

389 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898*, pp. 55 - 56.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

drank weerhou, die klere van siekes verbrand en geïnfekteerde huise berook word deur potte teer wat vir vier dae aaneen gekook is. Vuil linne is deur slawe onder toesig van die Burgersenaat gewas en wasvroue is belet om enige wasgoed van geïnfekteerde huise in te neem. Aangesien veral die Kaapse Moslems die voorsorgmaatreëls van inenting, kwarantyn, beroking en hospitalisasie weens hulle geloofsoortuiginge verontagsaam het, [390] is alle Maleierwonings onder kwarantyn geplaas.[391]

Slavinne wat moes kraam, kon in sommige gevalle wel op die mediese sorg van die familiedokter staatmaak. So het die sorgsame Von Dessin op 4 Maart 1756 sy slavin Hagar na Jan de Timmerman gestuur "om aldaar te kraamen, hebbende aan deselve haar goed doen meede geeven 't welk strekt tot memorie".[392] Hagar se dogtertjie is op 16 Maart 1756 gebore en Von Dessin het self die naam *Martha* vir die slawebaba gekies. Daarbenewens het hy ook vir die volgende bababenodigdhede voorsiening gemaak: "... 9 ellen wit linnen tot luijers, 2½ ellen roode baaij, 1 parthij lappen linnen tot klijngoed." [393] Vir Hagar se bevalling moes Von Dessin 24 riksdaalders opdok.

In Kaapstad was daar bekwame mediese praktisyns wat die Islamgeneeskunde onder die Moslemgemeenskap beoefen het. Slawe wat hulle tot die Islam bekeer het, het vryelik toegang tot die dienste gehad. Twee bekende persone wat beide die gekombineerde ampte van priester en geneesheer beklee het, was Tuan Schaapie en Abdul Malik van Batavia.[394] I.D. du Plessis (1900 - 1981) het Tuan Schaapie as 'n nederige, liefdevolle en wyse Tuan (leermeester) wat die Moslemgemeenskap van waardevolle raad bedien het, beskryf.[395] Tuan Schaapie was vir die Kaapse Moslemgemeenskap 'n priester, dokter en bewerker van wondere, terwyl hy in alle omstandighede hulle godspraak was.[396] In *Gleanings in Africa* beskryf die anonieme Engelse offisier hoe Tuan Schaapie 'n siek jong vrou op 'n unieke wyse genees het:

> With the greatest composure he took a small box from his sack, and striking into its contents a few sparks from the steel, it immediately caught fire, and emitted a somewhat fragrant vapour, with which he bedewed the forehead and temples of the fair supplicant. It had an instantaneous effect, for she took her leave with a look of gratitude and apparent relief from her pain.[397]

Tuan Schaapie was dus ewe bekwaam om beide die liggaam en die gees te genees.[398] Aangesien die Kapenaars 'n sterk geloof in die genesende kwaliteite van die mineraalbaddens gehad het, is sommige siek slawe na die baddens te Caledon gestuur in die hoop dat die "wonderwaters" hulle herstel sou bewerkstellig.[399]

---

390 A. Davids, "My religion is superior to the law". The survival of Islam at the Cape of Good Hope, *Kronos* 12, 1987, p. 65.

391 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898,* p. 114.

392 J.L.M. Franken, 'n Kaapse huishoue in die 18de eeu uit Von Dessin se Briefboek en Memoriaal, *Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 1940 I, p. 63.

393 *Ibid.*, p. 63.

394 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos* 9, 1984, p. 57.

395 I.D. du Plessis, *The Cape Malays,* p. 22.


396 R.C.-H. Shell, Introduction to S.E. Hudson's "Slaves", *Kronos 9,* 1984, p. 57.

397 *Gleanings in Africa,* p. 247.

398 *Loc. cit.*

399 M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 120; V. de Kock, *Those in bondage,* p. 136.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



**Figuur 30:** 'n Brief in die Boeginese taal van die siek slaaf Oepas aan die Kaapse slawegeneesheer September. Hieruit is af te lei dat September, veral as "dokter" en raadgewer, 'n besondere status onder die Boeginese slawe in Kaapstad geniet het.

Kaapse Argiefbewaarplek, CJ. 373.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Wat die mediese versorging van die akkerbouslawe betref, is dit redelik ernstig deur sommige eienaars opgeneem. Akkerbou het arbeidsintensiewe boerdery behels en aangesien siek slawe 'n negatiewe impak op die produksie van die akkerbouplaas gehad het, is daar binne die redelike vermoë van die eienaar na die mediese versorging van slawe omgesien. Alhoewel ruimskootse voorsiening van mediese sorg nie die reël was nie, het die meer gegoede eienaars van die akkerbouplase naby Kaapstad tog gereeld van die dienste van chirurgyns of ander mediese praktisyns vir hulle gesinne, sowel as vir hulle slawe gebruik gemaak. In die 1780's het Johannes Colijn ongeveer 60 riksdaalders aan 'n chirurgyn vir die mediese behandeling van sy siek slawe betaal.[400] Dr. Schabort van Drakenstein het heelwaarskynlik sy eie hospitaaltjie gehad, aangesien hy in 1733 opgemerk het dat hy in sy eie plek na 'n siek slaaf omgesien het.[401]

Sommige slawe in die akkerbougebied was self onderleg in die kruiegeneeskuns. Dit was veral die Javane met hulle grondige kruiekennis wat hulleself as uitstekende kruiegenesers onderskei het.[402] Mediese advies is dus ook by medeslawe gesoek. Die slaaf September blyk 'n heel gewilde geneser te gewees het wat talle medeslawe wat van Celebes in Oos-Indië afkomstig was, sowel as blankes, van mediese advies bedien en ook mediese dienste aan hulle gelewer het. In 1760 het die Stellenbosse veewagterslaaf Oepas, na 'n siekbed van twee maande, die mediese dienste van September per brief in die Boeginese taal **(Fig. 30)** versoek.[403] In sommige gevalle het September van uiters onkonvensionele behandelingsmetodes gebruik gemaak. By geleentheid het hy die wond van 'n slaaf se beseerde hand eers skoongelek alvorens hy dit met skoon water gewas het.[404] Slawerate het onder meer die gebruik van peper of aalwyn vir maagongesteldheid behels.[405] Ander medisinale preperate wat deur die slawe vir selfheling gebruik is, was "geslaande" peper, "borri-borri" ('n geel salf van klapperolie, sandelhout en krokuswortel), sowel as koerkoemawortel.[406] 'n Sekere Boeginese slawegeneesheer het by geleentheid 'n slavin wat aan ernstige simptome van "geitjiesbyt" gely het, genees.[407] Hierdie slaaf is met sy genesingsgeheime na sy graf, alhoewel soms opgemerk is dat hy gehalveerde lemoene en suurlemoene as behandeling op 'n wond geplaas het. Soms is wonde ook met olyfblare behandel.[408] Die geheim van die genesingskrag van aalwyn is lank deur veral die Afrikaslawe jaloers bewaar tot die slaaf Goeree dit aan 'n blanke kolonis van die De Witt-familie bekend gemaak het.[409] In sommige gevalle het selfs koloniste by slawe mediese raad gaan soek, soos die blanke persoon wat in 1742 deur die reeds vermelde slaaf September behandel is.[410]

Wat die mediese versorging van die binnelandse plaasslawe betef, het sommige eienaars in die

[400] H.C.V. Leibbrandt (red.), Requesten (Memorials), 1715 - 1806, I, *Précis of the Archives of the Cape of Good Hope*, p. 322.

[401] V. de Kock, *Those in bondage*, p. 134.

[402] J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, I*, p. 205.

[403] V. de Kock, *Those in bondage*, p. 132; J.L.M. Franken, Vertolking aan die Kaap in Maleis en Portugees, *Die Huisgenoot* 14 (432), 1930-07-18, p. 41.

[404] K.A.B.: CJ. 373: Crimineele Processtukken, 1760.

[405] P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 413.

[406] D.C. Bozarth, *Burger, boer and bondsman*, D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, pp. 455 en 475.

[407] A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 251.

[408] V. de Kock, *Those in bondage*, p. 134.

[409] A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), pp. 248 - 249.

[410] V. de Kock, *Those in bondage*, p. 132.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

binneland wel die liggaamlike welsyn van hulle slawe op die hart gedra. Ene Leiste van die plaas Gelukwaard het die beswaar geopper dat die produksie van rys en indigo skadelik vir die gesondheid van sy slawe was.[411] Soms is siek slawe deur reisigers wat geneeshere was, behandel. So het die Sweedse geneesheer Sparrman tydens sy binnelandse reise in die 1770's, die slawe van Jacob Kok van die plaas Seekoeirivier naby Swellendam, sowel as dié van sy buurman, van mediese behandeling bedien.[412]

Weens die isolasiefaktor, sowel as die gebrek aan mediese praktisyns, was plaasslawe in die afgeleë binneland op hulleself en die boererate van hulle meesters aangewese. Die hoofbestanddele van dié boererate is van dierkundige en plantaardige oorsprong, terwyl huishougoed, soos koffie, tee en seep, boerderyprodukte, soos teer en die sogenaamde Hollandse medisynes ook 'n rol gespeel het.[413] Die slawe het, net soos hulle broers in die stad en op die akkerbouplaas, reeds kennis gedra dat 'n paar druppels aalwynsap in 'n vloeistof soos wyn, 'n omgekrapte maag vinnig onder beheer kon bring.[414] Die boegoeplant het veral 'n belangrike plek as kruiegeneesmiddel ingeneem. As aftreksel in brandewyn was dit 'n staatmaker vir maagongesteldhede en as smeermiddel is dit vir rumatiek, verstuitings en kneusplekke gebruik. Boegoe-asyn was 'n ontsmettingsmiddel vir wonde , terwyl dit ook vir die genesing van blaaskwale ingespan is. In die sanderige dele van die land waar die hotnotsvy voorgekom het, is die medisinale kwaliteite daarvan deeglik ontgin. Sap van die blare is ingeneem vir die verligting van buikloop sowel as om urine af te dryf, terwyl dit ook as gorrelmiddel vir 'n ontsteekte keel gebruik is.[415] De Jong maak melding van die hotnotsvy-blare wat "met verwonderlijk voordeel gebezigd [worden] bij kwetzuren en open wonden".[416] Aan die Dawidsworteltjie is buitengewone geneeskrag deur beide inboorlinge en volksplanters toegedig, en juis omdat dit besonder helend op galaandoenings en ongesteldhede weens vergiftiging ingewerk het.[417] Die aftreksel van dié plant is as braakmiddel, purgeermiddel en urienafdryfmiddel gebruik.[418] Veneriese siektes was redelik algemeen onder slawe. In die negentiende eeu het Kwaade Martha Ferreira van die Langkloof haar Mosambiekse slavin Mina wat "vuilsiekte" gehad het getrekte klimop laat drink, waarna sy dan ook genees is.[419] In die westelike dele van die binneland is 'n aftreksel van jong renosterbosblaartjies in wyn of brandewyn vir die verligting van koliek en spysverterings-probleme gedrink. Suikerbosstroop is vir hoes en lugpyponsteking ingeneem, terwyl ingesmeerde bokvet die aangewese raat vir borskwale was. 'n Aftreksel van bokmis moes masels laat uitslaan, terwyl 'n pasiënt met inflammasie of infeksie dadelik in die warm vel van 'n pasgeslagde skaap toegedraai is.[420] 'n Katvel, verkieslik swart, is op 'n pynende maag

---

411 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806*, p. 74.

412 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 318.

413 H. van der Merwe, Volkswetenskap, *in* P.W. Grobbelaar (red.) e.a., *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid*, p. 121.

414 A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 252; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 413.

415 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 132; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century*, p. 88.

416 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 197.

417 *Ibid. II*, p. 15.

418 V. de Kock, *Those in bondage*, p. 132.

419 O.J.O. Ferreira, Kwaade Martha Ferreira van die Swarte Ommegang, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(4), 1990, p. 236.

420 C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony with social customs in South Africa in the 18th century*, pp. 88 - 89.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geplaas, liddorings is met slangvel bedek en moedersmelk vir die seer oë van 'n baba gebruik.[421] Kruidjie-roer-my-nie is as gorrelmiddel vir mond- en keelaandoenings ingespan, terwyl alle dele van die kapokbos *(Eriocephalus)* as urienafdryfmiddel vir watersug aangewend is.[422] Wilde knoffel is vir longkwale, bitterwortel en wilde kardamom vir koliek, [423] dagga en rou vet vir oogseer, dagga-ekstrak vir geelsug en rooibeet vir bloedarmoede gebruik. Brandewyn en wyn is oor 'n breë spektrum as medikamente ingespan. Dit was veral gebruiklik om een of ander krui of geneesmiddel op brandewyn te laat trek en te gebruik, soos met onder meer kamfer-, boegoe- en koekmakrankabrandewyn die geval was.[424] Heuningtee is voorts as versterkmiddel ingeneem.

Plaasslawe was veral aan slangbyt blootgestel. Dié probleem is op verskeie interessante maniere aangespreek. Volgens De Jong was die mees algemene gebruik om 'n groot boerboontjie of goewerneursboon oop te sny en die plat kant op die bytplek te plaas, wat dan die gif moes uittrek.[425] In sommige gevalle is die bytplek met asyn gewas. Gedroogde waterskilpadbloed, waarvan 'n paar knypies inwendig geneem en 'n bietjie op die bytplek geplaas is, is ook gebruik.[426] As wonderkuur teen slangbyt is die slangsteen oor die algemeen hoog aangeslaan. Tydens sy reise is so 'n slangsteen op Tulbagh aan Thunberg getoon. Volgens hom is dit hoofsaaklik vanaf Malabar uit die Ooste ingevoer en aan die Kaap teen 10 tot 12 riksdaalders verkoop.[427] Die steen was rond, konveks aan die een kant met 'n swarterige kleur en 'n ligte asgrys kol in die middel. Nadat die bytplek eers met 'n skeermeslemmetjie oopgesny is, is die porieuse slangsteen op die wond geplaas waar dit vasgesuig en later, sodra dit van die gif versadig was, afgeval het. Die steen is daarna in melk geplaas om dit van die gif te suiwer.[428] Volgens die siniese Barrow was die wonderbaarlike slangsteen niks anders as "a piece of bone of some animal made into an oval shape and burnt round the edges as so to leave a whitish spot in the middle".[429]

Uit die dagboeke en reisbeskrywings is af te lei dat daar by die helende mineraalbaddens van Zwarteberg (Caledon),[430] wat ook as Hottentots-Hollandbad bekend was, sowel as by Brandvlei naby Goudini [431] aparte en uiters primitiewe geriewe vir siek slawe en Khoikhoi was. Die koloniste het 'n vaste geloof in die genesingskrag van dié gesondheidsbronne gehad [432] en

---

421 H. van der Merwe, Volkswetenskap, *in* P.W. Grobbelaar (red.) e.a., *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid,* p. 124.

422 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 161.

423 *Loc. cit.*

424 H. van der Merwe, Volkswetenskap, *in* P.W. Grobbelaar (red.) e.a., *Die Afrikaner en sy kultuur VI: Boerewysheid,* pp. 125 - 126.

425 C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I,* p. 197.

426 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), pp. 43 en 227.

427 *Ibid.*, p. 64.

428 C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 64.

429 J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I,* p. 140 - 141.

430 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 98; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* p. 178; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden,* p. 185; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III,* p. 51; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 150.

431 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I,* p. 125.

432 H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II,* p. 178.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



binnelandse boere het ook hulle kroniese siek slawe en Khoikhoi-arbeiders, met die hoop op genesing, daarheen gestuur. In haar dagboekie het Johanna Duminy tydens 'n besoek aan die Hottentots-Hollandbad melding gemaak van Mevrou du Toit wat haar siek slavin na die bad gebring het. Nadat die slavin gedros het, het Mevrou du Toit na drie dae maar huiswaarts gekeer, aangesien "sij die gedurige tijt aan de bat was geweest om die mijt".[433] Johanna Duminy het self een van haar siek slavinne, met die hoop op genesing, na die bad gestuur en in November 1793 in haar kasboekie die bedrag van 7 riksdaalders "aan ian van de bat voor een mijt daar is geweest" aangeteken.[434] Tydens Burchell se besoek aan die mineraalbronne te Brandvlei, was daar juis 'n slaaf en Khoikhoiman wat om gesondheidsredes deur hulle eienaars na die helende waters gestuur is.[435] By geleentheid moes Sparrman ook na 'n jong Malgassiese slaaf, wat weens 'n driejaarlange verswering aan sy been na die bad gestuur is, omsien.

Behandeling by die mineraalbaddens het behels dat die gebruiker van die bad vir agt tot tien minute in die water wat tot by sy ken gekom het, moes sit. Sodra die pasiënt se polsslag verhoog en duiseligheid begin intree het, is hy uitgehelp en toegemaak om vir 'n kwartier te sweet en indien hy/sy dit sou verkies, koue water te drink. Daarna is hy vinnig in die bad gewas, gevryf en afgedroog. By geleentheid het die verkeerde gebruik van die bad tot die dood van 'n slaaf aanleiding gegee.[436]

In die binneland het redelike en beskaafde eienaars in die kraambehoeftes van hulle slavinne voorsien deur te sorg dat betroubare vroedvroue na hulle omsien. By drie geleenthede is daar inskrywings in die kasboekie van Johanna Duminy waarvolgens sy Hanna, die bakervrou, 4 tot 6 riksdaalers betaal het vir kraamdienste wat aan haar slavinne gelewer is.[437]

Uit voorgaande ondersoek na die fisiese behoeftes en -versorging van die Kaapse slawe kan tot die gevolgtrekking gekom word dat, alhoewel slawerny in wese 'n misdaad teen die mensdom was en eties, sowel as moreel moeilik regverdigbaar is, dit aan die Kaap tog wel met "klein genadetjies" geseën was. In vergelyking met ander slawegemeenskappe wêreldwyd is die Kaapse slawe relatief goed behandel en versorg. Mishandeling was eerder die uitsondering as die reël. Die behandeling en versorging van slawe het weens bepaalde faktore, soos onder meer isolasie en vermoëndheid van die eienaar, binne die drie identifiseerbare kultuurstreke verskil, terwyl daar ook duidelik differensiasie ten opsigte van die behandeling van die verskillende slawegroepe binne die onderskeie streke was. 'n Hemelsbreë verskil het byvoorbeeld bestaan in die behandeling en versorging van die manlike Kompanjieslawe van Mosambiekse afkoms wat as algemene arbeiders ingespan is of die plaasslawe in die afgeleë binneland enersyds en die Kaapsgebore, selfs huisgebore halfslag slavinne, wat in die Kaapstadse privaathuishoudings as soogvrouens, kinderbediendes en lyfbediendes diens verrig het, andersyds. In baie gevalle is die goeie versorging van slawe deur die eiebelang van die eienaar geïnspireer. As deel van sy bates wat saam met die vee en meubels gereken is, het 'n swak of siek slaaf 'n verlies aan produksie beteken, terwyl die dood van 'n slaaf deur die handelsgeoriënteerde Kaapse slawe-eienaar as 'n gevoelige finansiële slag gereken is. Alhoewel die motiewe nie altyd so suiwer was nie, het die Kaapse slawe wel in 'n bepaalde opsig voordeel getrek uit die feit dat eienaars deur materiële oorwegings genoop was om na die fisiese behoeftes van hulle "lewende bates" om te sien.

---

433 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, p. 106.

434 *Ibid.*, p. 342.

435 W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 125.

436 P.W. Laidler en M. Gelfand, *South Africa, its medical history, 1652 - 1898*, p. 89.

437 J.L.M. Franken (red.), *Duminy-dagboeke*, pp. 340, 343 en 354.